# Nova: Die Begin
# ’n gids

Saamgestel deur
Fanie Viljoen

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

# Inhoud


| | |
|---|---|
| Inleiding | 4 |
| Samestelling van 'n boek | 6 |
| Die voorblad | 8 |
| Die titel | 9 |
| Die skrywer | 10 |
| Die lokteks | 11 |
| Tekskenmerke | 12 |
| Opsomming van Nova: Die Begin | 12 |
| Inhoudelike vrae | 13 |
| Hoofstuk 1 | 14 |
| Hoofstuk 2 | 14 |
| Hoofstuk 3 | 15 |
| Hoofstuk 4 | 16 |
| Hoofstuk 5 | 16 |
| Hoofstuk 6 | 17 |
| Hoofstuk 7 | 18 |
| Hoofstuk 8 | 18 |
| Hoofstuk 9 | 19 |
| Hoofstuk 10 | 20 |
| Hoofstuk 11 | 21 |
| Hoofstuk 12 | 21 |
| Hoofstuk 13 | 22 |
| Hoofstuk 14 | 23 |
| Hoofstuk 15 | 23 |
| Hoofstuk 16 | 24 |
| Hoofstuk 17 | 25 |
| Hoofstuk 18 | 25 |
| Hoofstuk 19 | 26 |
| Hoofstuk 20 | 27 |
| Hoofstuk 21 | 27 |
| Hoofstuk 22 | 28 |
| Hoofstuk 23 | 29 |
| Hoofstuk 24 | 29 |
| Hoofstuk 25 | 30 |
| Hoofstuk 26 | 31 |
| Hoofstuk 27 | 31 |
| Hoofstuk 28 | 32 |
| Hoofstuk 29 | 33 |
| Hoofstuk 30 | 34 |
| Hoofstuk 31 | 34 |
| Hoofstuk 32 | 35 |
| Hoofstuk 33 | 35 |
| Opsommende inligting oor die karakters | 37 |
| Karakterisering | 39 |
| Konflik | 41 |
| Storielyn | 42 |
| Voorafskaduwing | 43 |
| Terugflitse | 44 |
| Verteltyd en vertelde tyd | 44 |
| Die verteller | 45 |
| Temas | 45 |
| Motiewe | 46 |
| Boodskappe | 46 |
| Agtergrond en omgewing (ruimte) | 47 |
| Stemming | 48 |
| Taalgebruik | 48 |
| Resensie | 49 |
| Kritiese taalbewustheid | 51 |
| Praat | 53 |
| Lees | 53 |
| Maak die boek lewendig in die klas | 55 |
| Antwoorde | 57 |
| Bronne | 77 |

## Inleiding

Hierdie onderwysersgids is geskryf volgens die finale konsepdokument van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringbeleidverklaring (CAPS).

Dit is my droom om jongmense aan die lees te kry. Ek glo dat ’n boek soos *Nova: Die Begin* dit sal regkry, maar ook meer as dit – ek glo dat dit hulle op ’n wonderlike verbeeldingsreis sal neem en hulle asemloos sal laat van spanning. Met die skryf van *Nova* wou ek hê dat die karakters die lesers se beste vriende moet word. Hulle moet saam met hulle bang word, lag, in die moeilikheid beland en avontuur najaag.

Die lesers moet natuurlik ook iets leer, maar dit moet nie voel soos leer nie. Hierdie onderwysersgids spreek daarom die ernstiger aspekte van die roman aan, maar daar is ook hope pret met lekker aktiwiteite wat meer as lees insluit.

Die nuwe kurrikulum is nogal ’n mondvol, maar dit kan in twee hoofkonsepte saamgevat word:

**Lees en kyk**
**Luister en praat**

Hierdie gids gaan onderwysers help om presies dit te doen. Dit bevat inligting oor die dele waaruit ’n boek bestaan, tekskenmerke, inhoudelike vrae, metataal (karakterisering, die verteller, konflik, intrige), asook heelwat meer.

Ek gee in hierdie gids vir elke hoofstuk ’n pre-luisterlusmaker. Vra leerders om ’n voorspelling oor die hoofstuk se inhoud te waag op grond van hierdie lusmaker.

Dit kan dalk help om vóór die lees- of luisterproses die opsomming van ’n bepaalde hoofstuk vir die leerders te gee. Hierdie vooruitskouing is deel van pre-lees en -luister.

Of vra vooraf een van die inhoudelike vrae (dus ’n pre-lees of luisteraktiwiteit) en laat die lesers tydens die lees- of luisterproses op die uitkyk wees vir die antwoord op die vraag.

Die hoofstukke in die boek het afwisselende lengtes. Sommiges is drie of vier gedrukte bladsye, en ander net een bladsy. Kort hoofstukke werk dalk makliker vir luisteraktiwiteite, en hulle is nie so skrikwekkend vir sukkelende lesers wanneer dit kom by voorlees nie. Gebruik hierdie lekker tekskenmerk om sukkelende lesers se selfbeeld te bou.



Verder sal jy ’n kort opsomming van die hele boek in hierdie gids vind, asook inligting oor die skrywer. Vrae is so uitgewerk dat dit lesers se woordeskat sal uitbrei, of hulle aan die dink sit en lei om hul eie opinies te vorm. Lesers sal soms gedwing word om gedeeltes te herlees of om afleidings te maak. Prettige aktiwiteite gaan hulle help met visualisering en hul skryfvaardighede slyp. Ons kyk na ’n kort resensie en lesers kry ook self die geleentheid om die boek te evalueer. ’n Heerlike oefening oor die lokteks sal lesers anders na boeke laat kyk.

Uiteindelik sal beide huistaal- en eerste-addisioneletaalsprekers baat kan vind by hierdie jeugroman en onderwysersgids.


Mag hierdie boek vanjaar van jou leerders ywerige LESERS maak!

*Fanie Viljoen*


## Samestelling van ’n boek

Hierdie diagramme verduidelik die verskillende dele van ’n boek, met spesifieke verwysing na *Nova: Die Begin*:

### Voor- en rugkant:





### Agter- en rugkant:






### Binne-in die boek:


Die <u>halwe titelblad</u> bevat die uitgewer se logo. Soms word die boek se titel hier gedruk



**Links** is die <u>kopieregbladsy</u> met inligting oor die kopiereghouer, uitgewer, datum van publikasie, die voorblad- en boekontwerper, ISBN-nommer, ens.

Dit bevat ook ’n <u>opdrag of inskripsie</u>. *Nova* is opgedra aan Stoffel Cilliers wat die skrywer in sy beginjare bygestaan en gemotiveer het om te skryf.

**Regs** is die <u>titelblad</u>. Dit bevat die boektitel, skrywer en uitgewer se naam.



# Die voorblad

## Die leesproses

- **Pre-lees** stel leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis.
- **Lees** verwys na die verstaan van die teks en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan.
- **Post-lees** stel leerders in staat om die teks as geheel te beskou en daarop te reageer.

## Pre-lees

**Vir pret**

- *Nova: Die Begin* is eers gepubliseer met voorblad A. Maar die uitgewers het met die tweede druk die voorblad verander na B. Watter een sou jy kies? Hoekom?
- Die tweede boek in die Nova-reeks pas aan by voorblad B. Watter ooreenkomste sien jy in die styl van die twee nuwe voorblaaie?


A




B




C




**Woordeboek**

- Styl: Die manier waarop die voorblad gemaak is.
- Kyk na die tipe foto's wat gebruik is, die tipe letters in die titel, of ander aspekte wat kenmerkend is van die voorblaaie.



# Die titel

Die titel is net 'n ander woord vir "die boek se naam". In hierdie geval het ons eintlik twee titels:

- *Nova* – Titel
- *Die Begin* – Subtitel (Sub beteken "onder")

Hierdie is die eerste in 'n reeks boeke. Die titel is hier dus die reeks se naam, en die subtitel is eintlik die boek se naam.

Die woord "Nova" is nogal vreemd. Dit beteken "'n skouspelagtige ontploffende ster" of "'n ster wat skielik baie helder word en dan verdof".

As jy weet dat die tieners in hierdie boek met ruimtewesens in aanraking kom, maak die titel vir jou meer sin? Ja, want sterre is mos ook iets onbekends en ver in die buitenste ruimte.


Die titel verwys ook hier na die dorpie Nova waar Lucas en sy vriende bly. Dit skep spanning en maak ons nuuskierig – hoekom het die dorpie se naam iets te doen met sterre ... en dalk ruimtewesens?

Die subtitel *Die Begin* wil vir ons sê dat hierdie die eerste boek in die reeks is. Daar gaan nog ander boeke kom. (Die tweede boek is *Vuurdoop* en die derde is *Bloedbroers*.)

## Vrae

1. Dink jy die skrywer het die regte naam vir die boek gekies?
2. Wat dink jy moet die vierde boek in die reeks se titel wees?
3. Sal jy die boek optel in 'n winkel as jy net na die voorblad en titel kyk? Hoekom sê jy so?

## Die skrywer



Fanie se biografie kan as luistertoets in die klas gebruik word:

Fanie Viljoen is die skrywer van talle kinder- en jeugverhale. Sy eerste boek, *Slym*, is in 2004 gepubliseer. Daarna het ander kinderboeke (soos *Klou* en *Geraamte in die klas*) en jeugverhale (soos *BreinBliksem* en *Onderwêreld*) gevolg.

Die skryfgogga het Fanie reeds op skool gebyt. Hy het 'n aanmoedigingsprys gewen in een van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfkompetisies (1987). Sy eerste kortverhaal is in 1999 in *Sarie* gepubliseer.

Sy boeke het al talle pryse verower soos die MER-prys vir jeuglektuur, MER-prys vir geïllustreerde kinderboeke, Sanlam-prys vir jeuglektuur en ATKV-Woordveertjies.

Fanie hou daarvan om vir jong mense te skryf omdat die grense van hulle verbeeldings eindeloos is. Dit is natuurlik ook lekkerder om 'n dag saam met ruimtewesens in stories deur te bring as om by 'n bank of 'n versekeringsmaatskappy te werk! Jip, kan jy glo, hy het dit ook gedoen. Maar vandag skryf, skilder en illustreer hy voltyds boeke.

Fanie woon in Bloemfontein, maar jy kan hom gaan opsoek in die kuberruim by www.fanieviljoen.co.za

### Vrae

1. Noem drie van Fanie se kinderboeke.
2. Wie het vir Fanie 'n aanmoedigingsprys gegee?
3. Hoekom hou Fanie daarvan om vir jongmense te skryf?

**Het jy geweet?**

Fanie het as kind die bure se kinders met grillerige poppekasvertonings probeer bangmaak!




## Die lokteks

Hoe weet jy of jy van 'n boek gaan hou? Mens kan tog nie net oordeel op grond van die titel en prentjie nie.

'n Lokteks word gewoonlik op die agterblad geplaas sodat jy beter kan oordeel of dit 'n boek is waarvan jy gaan hou. Hier is *Nova* se lokteks:

> Iets is nie pluis in die dorpie Nova nie. Wat is die vreemde ligte wat Lucas en die res van sy gesin een aand sien? Waarom is die weermag so geheimsinnig oor die projekte waarmee hulle agter hoë heinings besig is? En wat is die glibberige swart ding wat Lucas in die rivier gesien het? Voor hy sy oë uitvee, word Lucas en sy vriende deel van 'n wilde avontuurrit vol tergende en gevaarlike raaisels. Hierdie is die eerste in 'n nuwe wetenskapfiksie-reeks wat aanhangers sal laat smeek vir meer!

**Pre-luisterlusmaker:** Lucas het 'n nagmerrie – en later kom die onaardse dreuning ...




### Vrae

1. Vervang die woord "pluis" in die eerste sin van die lokteks met 'n ander woord.
2. Hoeveel vrae word gevra in die lokteks?
3. Haal 'n paar woorde aan wat spesifiek die leser probeer nuuskierig maak.
4. Wat beteken die uitdrukking "voor hy sy oë uitvee"?
5. Gee 'n ander woord vir "ding" in die konteks van verhaal.
6. Wat is die verskil tussen "smeek vir meer" en "vra vir meer"?
7. Watter strategieë wend die skrywer van die lokteks aan om die belangstelling te wek?

8. Indien jy 'n aankoper in 'n boekwinkel is en 'n bemarker gee vir jou hierdie lokteks vir *Nova: Die Begin*, sal jy die boek aankoop vir jou winkel? Motiveer jou antwoord.
9. Skryf jou eie kort lokteks vir *Nova: Die Begin*.

## Tekskenmerke

Kom ons kyk na 'n paar uitstaande kenmerke van die teks.

1. Op die voorblad het die boektitel dieselfde kleur as die seun se oog. Wat dink jy is die doel daarvan?
2. Hoekom dink jy is die woord "Nova" vol krakies en stukkende plekke?
3. Vluglees die boek en soek na 'n kennisgewing. Op watter bladsy kom dit voor?
4. Wat dink jy is die nut van die kennisgewing?
5. Soek 'n gedeelte in die boek waar 'n vreemde boodskap met kolletjies tussen die woorde gedruk is.
6. Hoekom dink jy word dit so gedruk?
7. Soek voorbeelde van woorde in vetdruk in *Nova*.
8. Wat dink jy is die doel van die vetgedrukte woorde?
9. Soek voorbeelde van woorde in skuinsdruk in *Nova*.
10. Wat dink jy is die doel van die skuinsgedrukte woorde?
11. Word daar iets in die roman genommer?

## Opsomming van *Nova: Die Begin*

(Dit kan ook as 'n **post-leesaktiwiteit** gegee word waar die leerders gevra word om die verhaal op te som. Met 'n swak klas of as 'n aktiwiteit kan leerders gevra word om dit as 'n Cloze-oefening te voltooi.)

Lucas Niemand, sy pa, ma en broer, Gavin,is op pad terug van vakansie toe hy die eerste keer 'n vreemde ruimtevaartuig sien. Sy pa sê dat dit net 'n vallende ster was, maar Lucas weet sy pa jok vir hom.

Wanneer Lucas en sy beste vriend, Duart, skelm onder die drade van die Nova-weermagkamp glip om in die rivier te gaan swem, het Lucas nog 'n vreemde ervaring. Daar is iets in die water saam met hulle ...



Dit is egter nie die einde van die aardige gebeure nie. Lucas sien 'n grys ruimtewese in hulle tuin en dan, een aand terwyl hy sukkel om te slaap, stap daar selfs 'n ruimtewese sy kamer binne. Lucas waag dit om vir Olive daarvan te vertel en dan vind hy uit dat Olive en nóg 'n vriendin, Caro, ook al ruimtewesens in die dorpie Nova gesien het.

'n Geheimsinnige persoon, die Sterreloper, begin vir Lucas boodskappe los en bel hom selfs. Hy waarsku Lucas om versigtig te wees.

Wanneer Olive ontvoer word deur 'n ruimteskip, is die hele dorp in rep en roer. Al die kinders word onder bewaking in die stadsaal gesit, maar Lucas, Duart, Ayanda en Brandon glip ongesiens uit. Wanneer die ruimtetuie weer hulle opwagting maak, gaan stel Lucas-hulle ondersoek in. Maar voor hulle hulle kan kry, beland hulle in die ruimtetuie. Wanneer hulle wakker word, is al vier vasgegespe aan metaaltafels. Ruimtewesens voer eienaardige operasies op hulle uit. Hulle slaag uiteindelik daarin om te ontsnap en kry ook vir Olive in die ruimtetuig.

Wanneer die tieners op die rivier dryf ná die spannende ervaring, dink hulle dat dit die einde van hulle avontuur was, maar soos die geheimsinnige Sterreloper vir Lucas gesê het: Hierdie was net die begin.

## Inhoudelike vrae

### Lees

- Beantwoord die volgende vrae terwyl jy die teks lees.
- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrae te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë: Skep verbintenisse, moniteer begrip, pas die leesspoed aan by die moeilikheidsvlak van die teks, herlees waar nodig, soek vooruit in die teks na inligting wat kan help, stel en beantwoord vrae (laer orde tot hoër orde), visualiseer, maak afleidings, lees vir hoofgedagtes, let op woordkeuse en taalstrukture, herken die tekssoort aan die struktuur en taalkenmerke.
- Maak aantekeninge of som die hoof- en ondersteunende gedagtes op.

## Hoofstuk 1

**Opsomming:**
Lucas, sy pa, ma en broer, Gavin, is op pad terug van vakansie. Lucas en Gavin kry stry. Lucas vra sy pa moet stilhou sodat hy 'n draai kan loop. Sy pa doen dit teësinnig en terwyl Lucas in die veld staan, hoor hy hoe die radio en die kar skielik doodgaan. Dan hoor Lucas die onaardse dreuning ...

**Pre-luisterlusmaker:** Lucas het 'n nagmerrie – en later kom die onaardse dreuning ...

1. Wat doen Lucas aan die begin van die verhaal?
2. Watter soort beeldspraak is "'n Droom pluk aan sy ooglede"?
3. Waar is Lucas in sy droom?
4. Wat in die droom laat Lucas benoud word?
5. Watter sporttoerusting is in die motor?
6. Wie loer onder die kussing uit na Lucas?
7. Kom Lucas goed oor die weg met sy broer?
8. Hoekom wil Lucas hê sy pa moet stilhou?
9. Gee 'n voorbeeld van beeldspraak (vergelyking) op bladsy 7.
10. Wie is Maria Callas?
11. Watter rede gee Lucas se pa vir die radio wat nie wil speel nie en die ligte wat doodgaan?
12. Watter sin op bladsy 8 skep spanning en afwagting?

## Hoofstuk 2

**Opsomming:**
Lucas kyk verwonderd hoe die klippies langs sy skoene wip. Dan syfer 'n glimmende ligkol uit die donker. Lucas weet dis 'n ruimtetuig. Sy pa gryp hom vas en hardloop met hom kar toe. Lucas is baie ontsteld, want hy het nog nooit 'n VVV gesien nie. Sy pa sê egter vir hom hy het net 'n verskietende ster gesien. Maar Lucas weet sy pa jok vir hom.

**Pre-luisterlusmaker:** Lucas skrik vir iets by sy voete, maar dis nie so erg soos dit wat hy in die lug sien nie ...



1. Waaraan herinner die klippies op die grond vir Lucas?
2. Wat laat Lucas skrik?
3. Beskryf die vreemde ligkol wat Lucas sien.
4. Wat beveel Lucas se pa hom?
5. Hoekom wil Lucas nie sy pa gehoorsaam nie?
6. Hoekom is Lucas se ma se reaksie vreemd?
7. Hoe kry Lucas se pa hom in die motor?
8. Wat laat jou dink dat Lucas se pa iets vir hom wegsteek?
9. Watter sin wys vir ons dat Lucas nie sy pa se verduideliking vir die glimmende lig glo nie?

## Hoofstuk 3

**Opsomming:**
Lucas se vriend Duart maak hom wakker. Duart is lus vir 'n avontuurlike dag. Lucas moet egter eers stort en aantrek, maar sy lastige broer, Gavin, kry nie klaar in die badkamer nie. Lucas bars by die badkamer in en boender sy broer uit. Wanneer Lucas uiteindelik by Duart uitkom, hoor hy dat hulle vandag rivier toe gaan. Lucas weet hulle mag dit nie doen nie, maar Duart is vasberade om te gaan.

**Pre-luisterlusmaker:** Ontmoet Lucas se avontuurlustige pel!

1. Wie maak vir Lucas wakker?
2. Wat beteken dit as iemand die wêreld op sy kop wil keer?
3. Wat beteken dit as Duart sê Lucas kan homself nie van die bed losskeur nie?
4. Wie is in die badkamer toe Lucas dit wil gebruik?
5. Gavin vra vir Lucas of hy nie weet wat "privaatheid" beteken nie. Wat beteken privaatheid?
6. Wat dink jy daarvan dat Lucas by sy broer inbars terwyl hy stort?
7. Wat is die "huisvlieg-treatment"?
8. Lucas weet dat Duart nie maklik van 'n plan afsien as hy dit eers in sy kop het nie (bl. 11). Aan die einde van die hoofstuk word Duart se plan duidelik. Wat is dit?

## Hoofstuk 4

**Opsomming:**
Nova word beskryf as 'n klein dorpie wat grens aan 'n militêre weermageenheid – die Hok soos dit algemeen bekend staan. Bykans almal in Nova werk by die eenheid. Die grootmense wat nie daar werk nie, se familie werk wel daar.

Lucas weet hy en Duart doen die verkeerde ding, maar hy volg tog sy vriend rivier toe. Hulle jaag resies met die fietse en Duart wen. Lucas vra vir Duart of sy pa al vir hom gelieg het.

**Pre-luisterlusmaker:** Wie wen die fietsresies? Wie hou niks van skool nie? En wie se pa is so mak soos 'n kabouter?

1. Hoe sal Lucas se pa reageer as hy uitvind waarheen Lucas-hulle op pad is?
2. Hoekom stuur die militêre voertuig 'n rilling langs Lucas se rug af?
3. Hoe staan die militêre eenheid bekend onder die mense?
4. Wat is vreemd aan Nova se inwoners?
5. Skryf 'n sin neer wat wys dat Lucas nie weet wat presies in die eenheid aangaan nie.
6. Wat beteken die volgende sin: "Lucas sit meer krag in sy bene."?
7. Wie wen die fietsresies?
8. Hoekom het Lucas-hulle so gou teruggekom van vakansie af?
9. Wat bedoel Lucas met "sirkusolifante kan vlieg"?
10. Watter ernstige vraag vra Lucas vir Duart?

## Hoofstuk 5

**Opsomming:**
Lucas en Duart sien dat van die bome by die Hok se grensdraad afgesaag is. Die area om die heining is ook skoongeskoffel vir beter grensdraadbeheer en om te keer dat alarms onnodig afgaan. Hulle kry die plek in die heining waardeur hulle kan glip, maar eers moet hulle die gevlegte draad oor die gat loskry. Lucas kan al die rivier anderkant die grensdraad hoor kabbel. Dan kry hulle die gat oop en glip deur.



**Pre-luisterlusmaker:** Die Hok se heining en die inkomplek ...

1. Hoekom sluit Lucas-hulle nie hul fietse nie?
2. Beskryf die sekuriteitsheining.
3. Hoe verskil die gebied by die draad van die vorige keer toe Lucas-hulle dit gesien het?
4. Hoekom dink Lucas-hulle is bogenoemde gedoen?
5. Watter sintuie span Lucas in om te weet dat die rivier anderkant die heining loop?
6. Hoekom kyk Lucas senuweeagtig rond?
7. Wie glip eerste deur die heining?
8. Wat beteken dit as die skrywer sê dat Lucas deur die gat "wurm"?

## Hoofstuk 6

**Opsomming:**
Lucas en Duart duik in die rivier. Terwyl hulle swem, gryp Lucas onderwater na Duart se voet of arm, maar dit glip uit sy hand. Die yskoue, slymerige ding is iets heeltemal anders, besef Lucas toe hy ook 'n donker skadu sien en 'n elektriese skok deur die water golf. Duart staan op die rivierwal en wag vir Lucas. Lucas se kop is 'n warboel van gedagtes toe hy op die oewer uitkruip. 'n Onbekende stem praat agter Lucas-hulle en sê dat hy geweet het hy sal hulle die een of ander tyd kry.

**Pre-luisterlusmaker:** Daar is iets in die water ...

1. Watter soort beeldspraak kry ons in die openingsparagraaf?
2. Vertaal die woord "amazing" (paragraaf 3).
3. Voel Lucas steeds so bang oomblikke nadat hy ingeduik het? Hoekom sê jy so?
4. Watter sin wys vir ons dat Lucas dink hy is 'n beter swemmer as fietsryer?
5. Beskryf die ding wat Lucas in die water sien en voel.
6. Watter ontnugtering tref Lucas toe hy die wateroppervlak breek?

7. Watter tipe vis was in die water, volgens Duart?
8. Watter woorde op bladsy 21 dui Lucas se gemoedstoestand aan ná sy vreemde ervaring in die water?
9. Skep die einde van die hoofstuk afwagting? Hoekom sê jy so?

## Hoofstuk 7

**Opsomming:**
Twee mans in swart uniforms kom op Lucas-hulle af en beskuldig hulle van oortreding. Lucas dink benoud aan die waarskuwingsborde wat lees dat oortreders geskiet sal word. Chetty haal sy geweer oor, maar voordat hy skiet, herken Paulsen vir Lucas as kolonel Niemand se seun. Lucas-hulle word in 'n militêre patrolliemotor na Nova-eenheid geneem. Lucas is spyt hy het nie die oggend by die huis gebly nie. Die patrolliemotor stop skielik en iemand beveel Lucas-hulle om uit te klim.

**Pre-luisterlusmaker:** Oortreders sal geskiet word!

1. Gee 'n ander beskrywing vir "wat-de-hel-maak-julle-hier-uitdrukkings".
2. Wat is die twee militêre personeel se vanne?
3. Vertaal die waarskuwingsbord.
4. Watter deel van die kennisgewingbord maak Lucas veral bekommerd?
5. Hoekom stop Paulsen vir Chetty voor hy skiet?
6. Hoe ruik dit binne-in die patrollievoertuig?
7. Wat sien Lucas in die patrollievoertuig?
8. Wat is die verskil tussen 'n "sniper" (sluipskutter) en 'n "executioner" (laksman/ skerpregter/ beul)?
9. Watter berou het Lucas?
10. Hoekom kan Lucas nie dadelik sien wie hulle beveel om uit die patrolliemotor te klim nie?

## Hoofstuk 8

**Opsomming:**
Lucas is verlig om te sien dat sy pa tot hulle redding gekom



het. Sy pa is egter kortaf en omgekrap oor hulle stout streke. Wanneer hy vir Duart by sy huis gaan aflaai, verbied hy die twee seuns om mekaar vir 'n ruk lank weer te sien. Lucas is baie vies hieroor. Hy en Gavin kry ook weer stry. 'n Vreemde militêre bakkie kom laai Lucas se fiets by die huis af. 'n Nota op die fiets waarsku hom dat die tyd aangebreek het; hy moet versigtig wees.

**Pre-luisterlusmaker:** Nog moeilikheid en dan ... 'n geheimsinnige boodskap.

1. Hoekom is Lucas verlig toe hy die stem herken?
2. Waar bevind Lucas en Duart hulle?
3. Hoe weet Lucas sy pa is baie kwaad?
4. Sou jy sê die militêre eenheid het goeie sekuriteit?
5. Wat verbied Lucas se pa hom?
6. Hoe voel Lucas oor die verbod?
7. Hoekom voel Lucas se huis skielik vir hom soos 'n tronk, alhoewel daar geen diefwering of veiligheidshekke is nie?
8. Waaroor baklei Lucas en Gavin?
9. Watter aangename ontdekking maak Lucas?
10. Wat kry Lucas op sy fiets?
11. Wat dink jy beteken die nota?

## Hoofstuk 9

**Opsomming:**
Lucas is stomgeslaan deur die boodskap. Olive bel en nooi hom en Duart om die volgende oggend DVD's te gaan kyk. Tydens aandete is Lucas se ma gespanne en sy pa se stem yl en bewerig. Dit maak Lucas bang. Hy eet vinnig en verskoon homself van die tafel. Maar voor hy loop, konfronteer sy pa hom oor Olive se oproep en sy planne vir die volgende oggend. Lucas besef hy het nog nie vir Duart laat weet nie. Maar hy kry ook nie sy selfoon nie. Wanneer hy sy eie selfoonnommer bel, antwoord sy pa. Sy pa konfiskeer sy selfoon en het intussen ook 'n sleutelwoord op Lucas se rekenaar geplaas.

**Pre-luisterlusmaker:** "Vertel my meer," vra sy pa – Is Lucas in 'n hoek?

1. Wys Lucas die vreemde boodskap vir Gavin? Hoekom sê jy so?
2. Waarnatoe nooi Olive vir Lucas?
3. Watter reël geld saans in die Niemands se huis?
4. Wat dink jy van die reël? Sal dit werk in julle huis?
5. Hoe weet Lucas daar is fout toe hy sy ouers sien?
6. Hoekom verskoon Lucas homself so vinnig?
7. Hoekom haat Lucas dit as sy pa vra: "Vertel my meer?"
8. Hoekom voel Lucas dat hy nie werklik vir sy pa jok nie toe hy "nee" antwoord op sy vraag: "Gaan Duart daar wees?"?
9. Watter besitting van Lucas is weg?
10. Hoe kry Lucas die verlore besitting?
11. Watter twee verdere beperkings plaas Lucas se pa op sy vryheid?

## Hoofstuk 10

**Opsomming:**
Lucas probeer sonder sukses om sy rekenaar se sleutelwoord te kraak. By Caro se huis word hy begroet deur al sy vriende: Olive, Brandon en natuurlik Caro. Maar Brandon daag eers op nadat Caro hom SMS. Hulle smul aan die tuisgemaakte pannekoek en terwyl hulle gesels, kom hulle agter dat nie een van hulle werklik weet wat hul ouers in die Hok doen nie.

**Pre-luisterlusmaker:** Is Lucas 'n kuberkraker of 'n pannekoekbakker?

1. Watter plan vorm in Lucas se kop toe hy opstaan?
2. Wat is 'n kuberkraker?
3. Slaag Lucas daarin om die sleutelwoord te kry?
4. Beskryf hoe Olive lyk.
5. Wat laat jou dink dat Caro dalk 'n ogie op Lucas het?
6. Watter een van Lucas se vriende is baasspelerig?
7. Watter een van Lucas se vriende is mal oor boeke?
8. Hoekom is Duart nie by die groep vriende nie?
9. Wat beteken dit as 'n mens uitrafel?
10. Hoe weet ons Lucas is dalk nie so 'n soet ou soos hy lyk nie?
11. Tot watter skokkende ontdekking kom die groep vriende?

## Hoofstuk 11

**Opsomming:**
Lucas is onrustig omdat niemand weet wat hulle ouers in die Hok doen nie. Duart vertel vir Lucas dat Caro 'n oog op hom het. Wanneer Lucas en Duart huis se kant toe staan om te help opruim, kom 'n motor met swart vensters verbygery in die straat. Lucas vermoed dit is sy pa wat op hom kom spioeneer het. By die huis wag 'n onaangename verrassing op Lucas: Sy pa het sy rekenaar vir Gavin gegee.

**Pre-luisterlusmaker:** 'n Kar met swart vensters en 'n onaangename verrassing ...

1. Hoe voel Lucas daaroor dat nie een van hulle weet wat hulle ouers in die Hok doen nie?
2. Hoe voel Duart daaroor dat nie een van hulle weet wat hulle ouers in die Hok doen nie?
3. Watter nuus gee Duart vir Lucas?
4. Hoekom duik Lucas-hulle weg agter 'n struik?
5. Wie vermoed Lucas is in die kar?
6. Watter verrassing wag vir Lucas toe hy by die huis kom?

## Hoofstuk 12

**Opsomming:**
Lucas dink dit is onregverdig dat sy pa sy rekenaar weggevat het. Hy praat met sy ma daaroor, maar sy herinner hom daaraan dat hy vir sy pa gejok het en dat Duart wel by Carohulle was. Sy sê dat daar 'n gevolg is vir alles wat 'n mens doen en sê. Daardie aand kan Lucas nie slaap nie. Hy gaan swem en terwyl hy op sy rug lê en kyk na die sterre, sien hy iets uit die hoek van sy oog beweeg.

**Pre-luisterlusmaker:** ’n Warm nag in die swembad, en dan ’n beweging ...

1. Hoe voel Lucas daaroor dat sy pa sy rekenaar weggevat het?
2. Hoekom gaan praat Lucas met sy ma oor die probleem?
3. Hoe voel Lucas se ma oor die saak?
4. Watter lewenswysheid gee Lucas se ma vir hom?
5. Hoekom voel dit donker binne Lucas?
6. Hoekom kan Lucas nie slaap nie?
7. Soek ’n woord in hoofstuk 12 wat sinoniem is met “doodstil”.
8. Hoe koel Lucas af?
9. Wie het vir Lucas leer swem?
10. Wat sien Lucas uit die hoek van sy oog toe hy opkyk na die sterre?

## Hoofstuk 13

**Opsomming:**
Lucas vermoed eers dat hy sy pa of vir Gavin buite die swembad gesien het, maar om seker te maak, klim hy uit die swembad. Hy loop stadig na die palmboom se kant toe, toe hy ’n vreemde geluid daar hoor. Wat ook al by die boom vir hom wag, dwing hom nader. Dan sien Lucas iets vreemds ...

**Pre-luisterlusmaker:** 3, 2, ... en toe sien hy dit!

1. Hoekom kan Lucas nie die tuin baie goed sien nie?
2. Wie vermoed Lucas kon hy moontlik gesien het?
3. Hoekom voel Lucas kwesbaar buite die water?
4. Hoekom stap Lucas na die palmboom toe?
5. Hoekom gaan Lucas steeds voort, selfs al weet hy “hy tart die dood”?
6. Wat dink jy sien Lucas by die boom?
7. Haal ’n paar woorde of sinne aan waarmee die skrywer die spanning verhoog in hierdie kort hoofstuk.



## Hoofstuk 14

**Opsomming:**
Lucas probeer eers sin maak van die vreemde wese wat hy voor hom sien, dan vlug hy en sluit homself in die huis toe. Hy weet nie of hy sy pa-hulle moet wakkermaak nie. Uiteindelik besluit hy om vir Duart te gaan haal. Duart is lekker deur die slaap, maar kom tog saam met Lucas. Hy wil net by Lucas weet hoe die ruimtewese gelyk het. Wanneer hulle by die palmboom kom, is die ruimtewese weg.

**Pre-luisterlusmaker:** Soos ’n vuishou teen die bors! Kry vir Duart!

1. Beskryf hoe die ruimtewese lyk.
2. Wat beteken dit om “tot verhaal te kom”?
3. Stel die woorde “veg of vlug” op ’n ander manier.
4. Wanneer is Lucas uiteindelik veilig?
5. Hoekom maak Lucas nie sy pa-hulle wakker om hulle van die ruimtewese te vertel nie?
6. Wat doen Duart toe Lucas by hom aankom?
7. Kan Lucas presies vir Duart verduidelik hoe die ruimtewese lyk?
8. Wat sien Lucas-hulle by die palmboom?

## Hoofstuk 15

**Opsomming:**
Lucas en Duart deursoek die tuin, maar daar is steeds geen teken van die ruimtewese nie. Daar is nie eens ’n voetspoor nie. Die volgende dag in die Koop & Geniet-supermark probeer die eienaar, Stefan Jonker, uitvis oor Lucas en Duart se moeilikheid by die Hok. Lucas is alte bly dat Olive ook daar aankom. Sy help hom met sy inkopielysie. Hulle gesels en Lucas laat glip dat hy iets vreemds gesien het. Toe Olive hoor van die ruimtewese, bars sy nie uit van die lag soos Lucas dink sy sou nie – sy word skielik baie ernstig en vra hy moet saam met haar kom.

**Pre-luisterlusmaker:** Is ruimtewesens soos verkleurmannetjies?

1. Waaraan herinner die vergeefse soektog na die ruimtewese vir Lucas?
2. Kry Lucas-hulle ten minste die ruimtewese se voetspore?
3. Wie is die eienaar van die Koop & Geniet-supermark?
4. Waarvan hou die oom?
5. Watter nuus wil die oom by Lucas uitvis?
6. Wie kom tot Lucas se redding in die supermark?
7. Skryf die volgende sin oor in korrekte Afrikaans: “Ek het nie ’n clue wat dit is nie.”
8. Sal Lucas verlief kan raak op Olive?
9. Wat laat glip Lucas in sy gesprek met Olive?
10. Lucas vertel uiteindelik vir Olive van die ruimtewese. Sy reageer nie soos Lucas gedink het sy sou nie. Wat doen sy?

## Hoofstuk 16

**Opsomming:**
Lucas en Olive ry na Caro toe. Sy senuwees is op hol wanneer net hy, Olive en Caro in die TV-kamer sit. Olive sê Lucas moet vir Caro vertel wat met hom gebeur het. Hy is eers ontsteld – dit was veronderstel om ’n geheim te wees. Maar dan maak Olive self ook ’n skokkende bekentenis: Sy en Caro het self ook al ruimtewesens gesien.

**Pre-luisterlusmaker:** Olive se skokkende onthulling!

1. Hoekom hoop Lucas dat oom Stefan nie gehoor het wat hy vir Olive vertel nie?
2. Waarheen ry Lucas en Olive?
3. Waar wag Lucas en Olive?
4. Op watter musiekkanaal is die televisie?
5. Hoe voel Lucas wanneer hy vir Caro sien?
6. Wat beteken dit om ’n crush op iemand te hê?
7. Lucas sien dat Caro se oë blink en hy wonder of dit een van die tekens is dat ’n meisie van jou hou. Is Lucas reg? Watter tekens wys dat ’n meisie of ou van jou hou?



8. Die skrywer verdraai ’n bekende spreekwoord op bladsy 58. Wat is die korrekte spreekwoord?
9. Hoekom wil Lucas nie vir Caro vertel wat hy gesien het nie?
10. Watter skokkende onthulling maak Olive?

## Hoofstuk 17

**Opsomming:**
Lucas voel baie verlig, want nou weet hy hy is nie alleen nie. Hy gaan swem weer om die vorige aand te probeer herleef in sy gedagtes. Olive het glo ’n ruimtewese ná ’n hokkieoefening gesien by die sporttoerustingkamer, en Caro het een tussen die bome by die stadsaal gesien toe sy en haar ma Nova binnegery het ná ’n kuier in Johannesburg. Caro en Olive wou ook nie vir mense vertel nie, want die mense sou dink hulle is besimpeld.

**Pre-luisterlusmaker:** Wat die meisies gesien het ...

1. Hoekom voel Lucas so goed?
2. Hoekom voel Lucas aardig toe hy by die swembad gaan staan?
3. Hoekom duik hy in die water?
4. Hoekom skiet ’n rilling langs sy ruggraat af?
5. Vertel kortliks hoe en waar Olive ’n ruimtewese gesien het.
6. Vertel kortliks hoe en waar Caro ’n ruimtewese gesien het.
7. Het Lucas se woorde “ons is nie alleen nie” dalk ’n groter (universele) betekenis?

## Hoofstuk 18

**Opsomming:**
Lucas het ’n ontstellende nagmerrie waarin ruimtewesens op hom opereer. Hy raak gelukkig weer aan die slaap, maar ’n vreemde geluid maak hom wakker. Hy lê versteen in die bed terwyl ’n ruimtewese regdeur die muur sy kamer binneloop. Dis asof die rolle nou omgeruil is, vanaand kom kyk die ruimtewese na hóm! Die besoeker tel sy hand op en plaas twee vingers op Lucas se voorkop. Dit aanraking bring hom uit die beswyming en hy kry dit reg om sy pa te roep.

**Pre-luisterlusmaker:** ’n Besoeker in die nag laat Lucas versteen in sy bed.

1. Gee ’n ander woord vir skrikhelder.
2. Watter soort beeldspraak is “Hul dun vingers is soos roerende slangtonge wat die lug proe”?
3. Is die derde paragraaf van hoofstuk 18 te grafies beskryf vir ’n jeugverhaal?
4. Hoe voel Lucas toe hy wakker skrik?
5. Wat maak Lucas wakker toe hy weer aan die slaap raak?
6. Hoe voel Lucas se lyf toe hy die ruimtewese buite sy venster sien.
7. Watter ongelooflike ding doen die ruimtewese?
8. Hoe pas die volgende woorde in by die boek se titel: “Soos ’n verskietende ster bars die gedagtes in Lucas se kop weer los.”?
9. Watter ooreenkoms is daar tussen Lucas se ontmoeting met die ruimtewese en Olive se ontmoeting?
10. Na wie roep Lucas om hulp toe hy die kans kry?

## Hoofstuk 19

**Opsomming**:
Lucas is baie ontsteld. Hy wil vir sy pa-hulle die ruimtewese wys, maar hy is nou weg. Sy pa sê hy het ’n nare droom gehad, maar Lucas weet dit is nie waar nie. Toe hy water gaan drink in die kombuis, sien hy iemand is besig op die telefoon. Hy luister sy pa se vreemde gesprek af. Sy pa vertel vir iemand “hulle het kontak gemaak”. Nou weet Lucas dat sy pa hom in werklikheid glo.

**Pre-luisterlusmaker:** Wat weet Lucas se pa?

1. Hoe voel Lucas ná die ontmoeting met die ruimtewese?
2. Sien Lucas se pa ook die ruimtewese?
3. Watter verduideliking gee Lucas se pa vir die aand se gebeure?
4. Hoekom wil Lucas nie weer gaan slaap nie?



5. Wat doen Lucas toe hy sien iemand is besig om op die telefoon te praat?
6. Watter bewys het Lucas nou dat sy pa hom glo?
7. Wat dink jy beteken: “Dis wat ons altyd verwag het.”?
8. Wat doen Lucas se pa ná afloop van die telefoongesprek?

## Hoofstuk 20

**Opsomming:**
Lucas kry ’n nare verrassing toe hy die volgende oggend opstaan. Sy hare se kleur het na silwer verander. Hy pak die skuld op die ruimtewese. Duart bel vir Lucas, maar Lucas is so omgekrap dat hy nie met sy vriend wil praat nie. Later die dag is daar nóg ’n oproep. Hierdie een laat Lucas asemloos. Die persoon identifiseer homself nie, maar sê net vir Lucas hy moenie bang wees nie. Wat nou gebeur, is net die begin. Hy moet onthou dat hy nie alleen is nie.

**Pre-luisterlusmaker:** Moenie bang wees nie, sê die oproep. Dit is net die begin.

1. Tot wanneer wil Lucas in ’n donker kas wegkruip?
2. Watter nare verrassing wag die oggend op Lucas?
3. Wie kry die skuld vir die onaangename verrassing?
4. Dink jy Gavin glo hom? Gee ’n rede vir jou antwoord?
5. Hoekom wil Lucas nie met Duart praat nie?
6. Lucas kry daardie dag ’n tweede oproep. Wat is die kern van hierdie gesprek?

## Hoofstuk 21

**Opsomming:**
Lucas probeer hard dink wie die geheimsinnige beller kon wees, maar sonder sukses. Duart bars by die huis in met ontstellende nuus: Olive is deur ruimtewesens ontvoer. Caro het dit glo gesien. Brandon sê hy en Duart het ook die afgelope tyd ruimtewesens teëgekom in Nova. Terwyl hulle praat, kom Lucas se pa in aller yl by die huis aan en beveel Lucas-hulle om saam met hom te kom.

**Pre-luisterlusmaker:** Ontvoering!

1. Kan Lucas uitpluis wie die geheimsinnige beller was?
2. Met watter ander gebeurtenis verbind Lucas die vreemde gesprek?
3. Watter ontstellende nuus het Duart en Brandon?
4. Wie was ooggetuie van die gebeurtenis?
5. Wat het Brandon en Duart self ook beleef?
6. Lucas se pa storm die huis binne. Wat kom doen hy daar?
7. Haal 'n sin aan wat Lucas se pa se gemoedstoestand wys.

## Hoofstuk 22

**Opsomming:**
Lucas se pa word 'n oomblik lank gestuit toe hy sy seun se silwer hare sien. Hy het ook nie verwag om vir Duart en Brandon by die huis te kry nie, maar hy stop almal in die kar. Lucas wil weet wat aangaan, maar sy pa kan nie vir hom sê nie. Wanneer Lucas die woord "alien" gebruik, is dit asof sy pa se asem ruk in sy keel. Gavin sê daar is nie iets soos ruimtewesens nie.

**Pre-luisterlusmaker:** Lucas sê die woord "alien". Wat doen sy pa?

1. Wat stuit Lucas se pa 'n oomblik lank?
2. Hoe weet ons Lucas se pa is gespanne?
3. Wat beteken dit om soos sardiens in 'n blik te sit?
4. Gee Lucas se pa vir hom 'n verduideliking van wat aangaan?
5. Dink jy Lucas se pa vertrou vir Lucas?
6. Waarmee vergelyk Brandon Lucas se silwer hare?
7. Watter woord laat die asem in Lucas se pa se keel ruk?
8. Wat beteken die volgende woorde?
   - Onwrikbaar
   - Veins
   - Benewel
9. Glo Gavin in ruimtewesens?



## Hoofstuk 23

**Opsomming:**
Lucas se pa laai hulle by die besige stadsaal af. Brandon reken dat die grootmense bang is nog 'n kind word ontvoer. Hulle meld by 'n sekuriteitspunt aan. Hul besonderhede, insluitende foto's, is reeds op die rekenaar vasgelê. Lucas se pa beveel hulle om daar te bly en hul samewerking te gee. Lucas moet na sy broer omsien. Sy pa gee hom 'n druk, maar Lucas wonder of daar meer in die groet steek.

**Pre-luisterlusmaker:** Dalk 'n laaste groet?

1. Watter beeldspraak word hier gebruik: "Die parkeerterrein voor die stadsaal is 'n miernes."?
2. Watter tipe voertuie staan om die stadsaal?
3. Watter rede gee Lucas se pa dat hulle by die stadsaal afgelaai word?
4. Hoekom reken Brandon is daar so 'n groot militêre teenwoordigheid by die stadsaal?
5. Hoekom dink Lucas dat die militêre personeel georganiseerd is?
6. Hoekom dink Lucas dat die verblyf in die stadsaal nie gou verby sal wees nie?
7. Watter opdrag kry Lucas van sy pa?
8. Hoekom voel Lucas onrustig toe sy pa hom groet?

## Hoofstuk 24

**Opsomming:**
Ayanda is vies omdat haar ma haar ook by die stadsaal kom aflaai het sonder 'n verduideliking. Caro is in trane ná die slegte ervaring. Die groep vriende probeer uitpluis wat aan die gang is. Dan besluit hulle om te ontsnap, maar voor hulle dit kan doen, gaan die saal se ligte dood. Deur 'n venster sien hulle 'n skyf lig oor die hemel blits.

**Pre-luisterlusmaker:** Die ligte gaan dood en dan ... kontak!

1. Weet Ayanda wat aangaan?
2. Hoekom staan Ayanda nie vir Caro by nie?
3. Wat is ’n “bekgeveg”?
4. Wat is die verskil tussen ’n offisier en ’n onderoffisier?
5. Hoe weet Lucas dat dit wat gebeur het nie normaal is nie?
6. Wat wil Duart doen?
7. Wie troos vir Caro?
8. Hoekom verander die saal in ’n “maalkolk van verwarring”?

## Hoofstuk 25

**Opsomming:**
Gavin glo nou ook in ruimtewesens. Lucas wil agter die waarheid kom en wegsluip uit die saal. Ayanda huiwer eers, maar stem dan ook in. In die warboel van mense en bevele ontsnap Lucas, Duart, Brandon en Ayanda uit die saal. Hulle gaan draai eers by Lucas se huis om die fietse te kry. By Olive-hulle se huis is daar ook ’n groot militêre teenwoordigheid, maar hulle krag gaan skielik af. Lucas reken dis deur die ruimtewesens se toedoen. Duart kom met ’n skokkende gevolgtrekking: Die volwassenes lieg vir hulle omdat die Hok soos die Amerikaanse Area 51 is waar hulle jare gelede, volgens gerugte, ’n ruimtewese aangehou het.

**Pre-luisterlusmaker:** Ontsnapping!

1. Verander Gavin nou sy siening oor ruimtewesens?
2. Wat is die een ding wat Lucas haat?
3. Wat wil Lucas nou doen?
4. Hoe voel Ayanda daaroor?
5. Hoe beplan Lucas-hulle om te ontsnap?
6. Wat kan Gavin kry as hy in die saal agterbly?
7. Kry Lucas-hulle dit reg om te ontsnap?
8. Hoekom gaan hulle eers na Lucas se huis?
9. Wat gebeur by Olive se huis?
10. Wanneer het iets soortgelyks met Lucas-hulle gebeur?



11. Watter skokkende gevolgtrekking maak Duart oor Nova?

## Hoofstuk 26

**Opsomming:**
Duart brei uit op sy aanname oor die Hok. Dan verskyn daar weer ’n ligkol teen die hemel. Lucas-hulle sit dit agterna en sien dat die vaartuig bokant die rivier hang. Duart val van sy fiets af en Lucas wil terugdraai om vir sy vriend hulp te kry. ’n Vibrasie stuur deur hulle lywe. Uiteindelik val ’n ligkring uit die vaartuig, soos ’n waterval van lig.

**Pre-luisterlusmaker:** ’n Waterval van skouspelagtige lig.

1. Watter redes gee Duart vir sy stelling oor die Hok?
2. Hoekom kry Duart nie kans om klaar te praat nie?
3. Wat is die Afrikaanse afkorting vir UFO en waarvoor staan dit?
4. Hoe voel Ayanda wanneer hulle die voorwerp sien?
5. Waar hang die vaartuig?
6. Hoekom wil Lucas terugdraai?
7. Wat beteken die woord “resoneer”?
8. Watter gevoel pols deur Lucas-hulle?
9. Waarmee vergelyk die skrywer die lig wat uit die vaartuig val?

## Hoofstuk 27

**Opsomming:**
Lucas-hulle kyk met verwondering na die VVV. Hulle sien ook hoe lang, slierterige goed stadig deur die ligbane opgesuig word. Lucas herken dit as die wesens wat hy in die rivier gesien het. Hy sien ook dat hulle koppe het soos mense. Wanneer die vaartuig in beweging kom, probeer Lucas-hulle wegkom, maar hulle fietse smelt onder hulle weg. Toe Lucas oor sy skouer kyk, is dit asof ’n vuishou van lig hom tussen die oë tref. Hy weet daar is nou geen wegkomkans meer nie.

**Pre-luisterlusmaker:** Die fietse smelt en wegkomkans raak al hoe skraler ...

1. Waarmee vergelyk die skrywer die bome?
2. Wat beteken die woord "skouspel"?
3. Lucas sien iets skokkend. Wat is dit?
4. Skryf hierdie sin in korrekte Afrikaans: "Ek wil nou nie 'n rumour kickstart nie."
5. Hoekom kan Duart nie sy eie fiets gebruik om weg te kom nie?
6. Hoekom sukkel Lucas om vinniger te ry?
7. Hoekom kry Lucas-hulle dit nie reg om vir die VVV weg te ry nie?
8. Watter kragdadige woorde gebruik die skrywer om die gevoel binne Lucas te beskryf in die tweedelaaste paragraaf?
9. Hoekom gebruik die skrywer juis hierdie woorde?
10. Beteken die laaste paragraaf van die hoofstuk dat Lucas dood is?

## Hoofstuk 28

**Opsomming:**
Lucas en sy vriende word op 'n skouspelagtige manier deur die ruimteskip opgeneem. Wanner Lucas wakker word, is hy vasgegespe op 'n metaalbed. Duart, Brandon en Ayanda lê aan sy regterkant. En links van Lucas, in 'n glaskapsule, lê die een of ander afskuwelike ding. Hy gaan weer in 'n beswyming, en wanneer hy wakker word, is daar 'n ruimtewese by hom. Die wese raak aan sy voorkop en dan voel hy bloed teen sy slape afloop.

**Pre-luisterlusmaker:** Vas!

1. Wat beteken die woord "verswelgende"?
2. Wat gebeur met Lucas se T-hemp?
3. Wat dink jy beteken die kursiefgedrukte gedeelte in hoofstuk 28?
4. Wanneer Lucas wakker word, span die skrywer verskillende sintuie in om te verduidelik wat hy ervaar. Verduidelik hoe Lucas se tassintuig geraak word.
5. Wie praat eerste in die ruimteskip?
6. Wat dink jy sien Lucas in die glaskapsule?
7. Hoekom vertel die skrywer nie vir ons wat in die kapsule is sodat ons ook kan weet nie?
8. Wat is 'n membraan?
9. Wat stel vir Lucas op 'n vreemde manier gerus?
10. Wie of wat tree uit die lig nader aan Lucas?
11. Hoe dink jy voel Lucas aan die einde van hierdie hoofstuk?

## Hoofstuk 29

**Opsomming**:
Lucas voel hoe die ruimtewese die wond aan sy kop oopwoel en sy vingers al dieper onder sy kopvel inwurm. Ná die operasie smeer die wese 'n blou jellie aan die wond en skuifel weg. Lucas en sy vriende is baie bang wanneer hulle beddens regop gaan staan. Hulle probeer vergeefs loskom. Lucas reken die ruimtewesens sal hulle volgende keer kom doodmaak. Duart sê hy voel soos 'n padda wat in 'n natuurwetenskapklas gedissekteer word. Hierdie woorde laat Lucas nog banger word, want hy kan steeds sien wat in die glaskapsule langs hom lê ...

**Pre-luisterlusmaker:** Soos wurms onder jou kop ...

1. Sien Lucas emosie op die ruimtewese se gesig?
2. Wat doen die ruimtewese aan Lucas?
3. Wat beteken die woord "swymelende"?
4. Party mense gril as naels oor 'n skoolswartbord getrek word. Die skrywer gebruik 'n amper grilleriger maar soortgelyke beeld in hierdie hoofstuk. Haal hierdie sin aan.
5. Hoekom spoel die verligting deur Lucas toe sy bed gaan regop staan?
6. Is net Lucas geopereer?
7. Wat beteken die woord "verpletterende"?
8. Wat dink Lucas staan hulle te doen?
9. Wat sal gebeur as hulle dit nie doen nie?
10. Hoe voel Duart ná hierdie nare ervaring?
11. Hoekom voel Duart se woorde soos yswater oor Lucas?

## Hoofstuk 30

**Opsomming:**
Lucas sien ’n donkergrys ding met stringerige arms, bene en lyf in die glaskapsule. Hy is bang dat dit dalk Olive kan wees nadat die ruimtewesens met haar klaar is. Hy is nou meer vasberade om weg te kom. Hy kry dit reg om uit die bande te glip en help ook sy vriende. In die metaalbed se weerkaatsing sien hy daar is nie ’n litteken op sy kop nie, en sy hare is weer blond. Die wese in die kapsule (en ook ander teen die agterste muur) ruk regop en kap soos ’n dodemars teen hul glasomhulsels. Duart kry ’n deur en hulle slaan op vlug.

**Pre-luisterlusmaker:** In die glaskapsule was daar ...

1. Beskryf wat Lucas in die glasomhulsel sien.
2. Hoe kom Lucas los uit die bande se greep?
3. Wat sien Lucas in die weerkaatsing van die metaalbed?
4. Wie sien tweede die vreemde kreatuur in die kapsule?
5. Wat dink Lucas nóú is in die kapsule?
6. Wat sien hulle nog in die vertrek?
7. Wat dink Ayanda het die vreemde kreature in die rivier gemaak?
8. Wat laat Lucas-hulle groot skrik?
9. Wat is ’n “dodemars”?
10. Wie kry ’n deur?
11. Wat dink jy bedoel die skrywer met die volgende sin: “Dan stap hy (Lucas) die plek van sy nagmerries binne.”?

## Hoofstuk 31

**Opsomming:**
Lucas beland in ’n doolhof van blinkblou mure. Dit herinner hom aan sy droom (hoofstuk 1). Hy voel angstig. ’n Geluid laat hom omdraai. Dan reik ’n hand uit die metaalmuur. Dit is Olive.

**Pre-luisterlusmaker:** Terug by die nagmerrie ...



1. Beskryf die plek waar Lucas hom nou bevind.
2. Wanneer het hy iets soortgelyks gesien?
3. Hoe voel Lucas?
4. Wat laat Lucas omdraai?
5. Wat kom uit die muur uit?
6. Aan wie behoort dit?
7. Wat bedoel die skrywer met die laaste sin van hoofstuk 31?

## Hoofstuk 32

**Opsomming:**
Lucas val deur ’n tonnel van lig. Hy sien sy vriende onder hom. Hy sien ’n sproeireën van water elke keer as ’n kring lig by hom verbyblits ondertoe. Hy beland in die rivier saam met sy vriende. Die ruimtetuig is weg, maar hy hoor stemme van mense wat hulle kom red.

**Pre-luisterlusmaker:** Lucas val!

1. Hoe lyk die sterre vir Lucas?
2. Wie sien hy saam met hom in die ligtonnel?
3. Waarmee vergelyk die skrywer die sproei van lig?
4. Lucas dink hy gaan die aarde tref, maar waar beland hy?
5. Wat het van die ruimtetuig geword?
6. Wat hoor Lucas in die water?

## Hoofstuk 33

**Opsomming:**
Lucas is bly om terug by die huis te wees. ’n Oproep van iemand wat homself nou die Sterreloper noem, vertel hom dat dit wat gebeur het net die begin was. Lucas-hulle se grootste taak lê nog voor. Lucas voel nou soos ’n superheld. Olive sê sy kan nie veel onthou van wat met haar gebeur het nie. Lucas wil ook nie praat oor hulle wedervaringe nie. Caro is bly dat hulle niks oorgekom het nie. Al Lucas se vriende is bly dit is verby, maar Lucas onthou die Sterreloper se woorde: “Gisteraand was net die begin.”

**Pre-luisterlusmaker:** Die einde ... of die begin?

1. Hoe voel Lucas wanneer hy wakker word?
2. Wat kry Lucas terug?
3. Wie bel vir Lucas?
4. Watter boodskap het die persoon vir Lucas?
5. Wat beteken die uitdrukking “om die groter prentjie te sien”?
6. Waarmee vergelyk Lucas homself?
7. Hoekom kan Lucas nie die beller se telefoonnommer sien op sy selfoon nie?
8. Hoe het dit vir Olive gevoel om in die ruimtetuig opgeneem te word?
9. Hoekom keer Lucas vir Duart toe hy wil vertel wat met hulle gebeur het?
10. Caro sê sy is net bly dit is verby. Hoekom stel haar woorde nie vir Lucas gerus nie?
11. Waarop dui hierdie woorde?
12. Sal jy nog ’n Nova-boek wil lees?



# Post-lees: Opsommende inligting oor die karakters

*Die volgende hoofstukke kan as post-leesaktiwiteite gedoen word.*

## Tipes karakters

| Hoofkarakter(s) | Bykomende karakters |
|---|---|
| • Hoofkarakters speel ’n belangrike rol in die storie.<br>• Hulle is betrokke by die meeste of die belangrikste konflikte.<br>• Ons leer hulle baie goed ken.<br>• Hul karakters groei gewoonlik.<br>• Ons sê ook hulle is driedimensionele of ronde karakters. | • Bykomende karakters se rolle kan wissel van belangrik tot onbelangrik.<br>• Hulle maak soms net ’n klein deel uit van die verhaal.<br>• Dit is nie vir ons altyd nodig om hulle ten volle te leer ken nie.<br>• Hulle karakters groei nie.<br>• Hulle is gewoonlik twee-dimensionele of plat karakters. |

| Protagonis | Antagonis |
|---|---|
| • Die protagonis is die “goeie ou” of held in die verhaal.<br>• In *Nova: Die Begin* is dit Lucas Niemand. | • Die antagonis is die “slegte ou” in die verhaal; vyand; opponent.<br>• Hy bied teenstand teen die protagonis.<br>• In *Nova: Die Begin* is die ruimtewesens die antagoniste. |

## Hoofkarakter in *Nova: Die Begin*

**Lucas Niemand**

Lucas is ’n aantreklike hoërskoolleerder met blonde hare en blou oë. Hy bly in die dorpie Nova wat grens aan ’n geheimsinnige militêre kamp wat onder die mense bekend staan as die Hok. Hy is ’n gemiddelde sportman en vaar nie te sleg in die skool nie. Hy is ’n leier, maar wil nie eintlik een wees nie. Hy is gedurig haaks met sy broer, Gavin.

## Bykomende karakters:

**Duart Fourie**

Duart is Lucas se beste vriend. Hy het bruin hare en oë. Hy is avontuurlustig en gedurig in die moeilikheid. Hy hou nie van skool nie, maar hy is baie gewild.

**Olive**

Olive het rooibruin hare en ’n sproetgesig. Sy is ’n bietjie mallerig, kunssinnig en kreatief.

**Caro**

Caro het ligbruin hare en groen oë. Sy is skamerig, saggeaard, maar baie oulik. Sy het ’n ogie op Lucas.

**Brandon**

Brandon is ’n  bruin seun. Hy is altyd vreeslik ernstig. Hy is mal oor boeke, maar nie vreeslik mal oor sport nie. Hy is ’n slimkop.

**Ayanda**

Ayanda is ’n swart meisie wat nie met haar laat mors nie. Haar skerp tong laat die seuns les opsê. Maar sy is ook ’n uitstekende vriendin – iemand op wie jy kan vertrou.

**Gavin Niemand**

Lucas se irriterende broer. Hy is nogal slim en ’n vreeslike terggees.

**Lucas se pa en ma**

Buks Niemand is ’n kolonel in die Hok en Jaci Niemand is ’n



wetenskaplike. Hulle glo daaraan dat kinders moet doen wat reg is. Hulle het huisreëls wat die seuns nie mag verbreek nie, anders word hulle gestraf.

**Die Sterreloper**

Die geheimsinnige persoon wat vir Lucas boodskappe los op sy fiets en hom bel met bemoedigende maar waarskuwende inligting.

**Oom Stefan Jonker**

Die eienaar van Koop & Geniet-supermark wat graag skindernuus soek en oordra.

**Palesa Pebane**

Die kassiere by die Koop & Geniet-supermark.

**Chetty en Paulsen**

Twee weermagmanne.

## Karakterisering

Waar kom karakters vandaan? Hoe skep ’n skrywer ’n karakter? Ons noem hierdie proses karakterisering. Om te karakteriseer beteken om ’n mens (karakter) te skep met woorde. Daardie karakter moet so goed geskep word dat die lesers naderhand glo dat hy/sy werklik kan bestaan.

**Skrywers doen dit op die volgende maniere:**

- Hoe die verteller die karakter beskryf: Pieter is ’n dief.
- Hoe die karakter optree: Pieter druk die sjokolade skelm in sy sak.
- Hoe die karakter praat (dialoog): “Hei, ou pel, ek het dit een keer reggekry om sjokolade te steel, en ek sal dit weer doen!” sê Pieter.
- Denke, gedagtes: Ag, niemand sal sien as ek die sjokolade vat nie, dink Pieter.
- Benaming: “Het jy gesien wat Lang Vingers gedoen het?” vra Susan.
- Selfbeskouing: Ag, ek is mos ’n vindingryke ou.

’n Belangrike aspek van karakterisering is dat (veral) hoofkarakters moet groei in die loop van die verhaal. Dit beteken hulle moet ’n verandering ondergaan en nie meer dieselfde dink of voel oor hulleself, hul omstandighede of ander mense nie. Die groei is dikwels ’n emosionele groei.

> **Het jy geweet?**
>
> Wanneer ’n skrywer begin werk aan ’n boek, moet hy mense wat glad nie bestaan nie gaan “skep” asof hulle werklik bestaan.
>
> Om die karakters in *Nova: Die Begin* te skep, het die skrywer op die internet gesoek na foto’s van jongmense wat “met hom praat”, of dan liewer inspireer.
>
> Hy het die foto’s in ’n Word-dokument geplak en toe vir hulle persoonlike eienskappe gegee. Hy moes besluit waarvan hulle hou en waarvan hulle nie hou nie. Hy het selfs vir hulle ’n taal uitgedink. (Jy en jou vriende het mos soms sekere sêgoed, nè?)
>
> Al hierdie karaktereienskappe en sêgoed sien ons dalk nie nou al in *Nova: Die Begin* nie, maar hulle kom dalk in volgende boeke ter sprake.

**Hier is ’n paar van Lucas se karaktereienskappe:**

- Hy het ’n sportaanleg, maar is nie ’n toppresteerder nie.
- Hy is ’n goeie swemmer (beter as Duart).
- Sy rekenaar is alles vir hom.
- Hy is sensitief, maar net tot op ’n punt. Dan laat hy nie met hom mors nie.
- Hy is ’n leier, maar verkies om nie een te wees nie.
- Hy gee om vir sy broer, maar wys dit nie.
- Hy wonder oor die wêreld.
- Hy is simpatiek.

**Hier is van sy sê-goed:**

- Wirkop
- Vreksel
- Hy sal ballistic gaan.
- So mak soos ’n kabouter.
- Vrekkit
- Luister, katspoegie!
- Niks daarmee verkeerd nie.



### Vrae

1. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur beskrywing plaasvind in *Nova*.
2. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur handeling plaasvind in *Nova*.
3. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur dialoog plaasvind in *Nova.*
4. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur denke of gedagtes plaasvind in Nova.
5. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur benaming plaasvind in *Nova.*
6. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur selfbeskouing plaasvind in *Nova.*
7. Vind daar karaktergroei plaas by Lucas? Hoekom sê jy so?
8. Dink jy die skrywer het Gavin se karakter raak voorgestel as die irriterende boetie? Motiveer jou antwoord.
9. Die Sterreloper bly so half op die agtergrond in hierdie boek. Dink jy hy sal in volgende boeke ’n groter rol speel? Motiveer jou antwoord.
10. Dink jy Lucas is lief vir sy pa? Motiveer jou antwoord.
11. Dink jy Caro raak verlief op Lucas? Motiveer jou antwoord.
12. Dink jy die skrywer moes vir die ruimtewesens ook karaktereienskappe gegee het, of moet hulle misterieus bly? Motiveer jou antwoord.

## Konflik

Ons kry twee tipes konflik in ’n roman:

### Eksterne konflik

- Dit neem gewoonlik die vorm aan van ’n geveg, ’n argument of blote teenstand tussen twee karakters.
- Die konflik kan ook teenoor die natuur of ’n saak (bv. rassisme) wees.
- Die geleidelike oplos van konflikte lei die hoofkarakter tot die suksesvolle afloop van die verhaal.

### Interne konflik

- Interne konflik vind binne-in ’n karakter se kop plaas.

- Dit vind gewoonlik plaas wanneer 'n karakter moet besluit oor 'n moontlike optrede, of wanneer hy besin oor iets wat hy alreeds gedoen het.
- Dit kan ook 'n interne worsteling wees met goed wat aan hom, 'n vriend of geliefde gedoen is.

### Vrae

1. Noem een geval van eksterne konflik in *Nova*.
2. Noem een geval van interne konflik in *Nova*.
3. Is die konflik in die gevalle wat jy genoem het, realisties? Motiveer jou antwoord.

## Storielyn


Boeke kan nie net bestaan uit 'n klomp losstaande gebeure nie. Die reeks gebeure of handeling moet 'n bepaalde volgorde hê. Die <u>intrige</u> speel hier 'n belangrike rol.

### Intrige

Die manier hoe al die gebeure in die verhaal op 'n sekere manier opmekaar volg, word die *plot* of intrige genoem. Om die leser se aandag te hou gebruik die skrywer dikwels spanning om die verhaal voort te dryf.

Die storielyn begin gewoonlik met 'n lae spanningsvlak. Die spanning bou geleidelik op tot by die klimaks en daarna volg die ontknoping. Daar kan ook klein stygings en dalings voorkom.

Hierdie grafiek van die storielyn dui die klassieke intrige aan:






### Vrae

1. Dui op die grafiek aan waar die volgende gebeure op die storielyn sal voorkom.
   a. Lucas-hulle kom terug van vakansie af.
   b. Lucas en sy vriende beland in 'n ruimtetuig.
   c. Lucas en sy vriende gesels oor die gebeure in die ruimtetuig.
   d. Lucas sien die eerste keer 'n ruimtetuig.
2. Het die verhaal genoeg spanning gehad? Hoekom sê jy so?
3. Wat sou jy anders doen om die *plot* interessanter te maak?

**Het jy geweet?**

Dit het bykans twee maande geneem om die eerste weergawe van *Nova: Die Begin* se manuskrip te skryf. Die verfyning en gereedmaak vir publikasie het nog etlike weke geneem.

Ander persone wat betrokke is by die maak van 'n boek is die uitgewer, redigeerder, proefleser, uitlegkunstenaar, grafiese ontwerper en natuurlik die drukker.

Nadat 'n boek gemaak is, hanteer bemarkers die bemarking daarvan.

## Voorafskaduwing

Met voorafskaduwing gee die skrywer vir ons 'n vae leidraad of aanduiding om te voorspel wat later mag gebeur in die verhaal. Dit is dus 'n tegniek wat kan dui op verdere ontwikkeling in die intrige.

In *Nova*: *Die Begin* kry ons 'n voorbeeld hiervan wanneer Lucas se nagmerrie, aan die begin van die verhaal, werklik word aan die einde van die verhaal. Onthou jy nog die doolhof van blinkblou mure en die hand wat uit die muur kom en aan hom raak?

### Vrae

1. Is die volgende sin 'n voorbeeld van voorafskaduwing? "Dis nie nodig om die fietse te sluit nie." (bl. 17)
2. Is die volgende sinne 'n voorbeeld van voorafskaduwing? "Die tyd het aangebreek. Wees versigtig." (bl. 29)

## Terugflitse

Alle verhale het 'n begin, middel en 'n einde. Die verhaal word baie keer chronologies – m.a.w. in tydvolgorde-vertel. Maar soms kry ons 'n terugflits na iets wat alreeds gebeur het.

'n Terugflits, of terugverwysing, is daarom die onderbreking van die chronologiese gang van gebeure. In hierdie onderbreking word vroeëre gebeure ingevoeg.

In *Nova: Die Begin* is die terugflitse baie min en ook baie kort. Dit vind gewoonlik net plaas as Lucas terugdink aan iets wat gedoen of gesê is.

'n Goeie voorbeeld is op bladsy 61 waar Lucas terugdink aan Caro en Olive se vertellings oor hoe en waar hulle ruimtewesens gesien het.

### Vrae

1. Word *Nova* se verhaallyn lineêr aangebied? Motiveer jou antwoord.
2. Dink jy die skrywer moes Caro en Olive se verhale op bladsy 61 eerder met dialoog uitgebeeld het in die toneel waar Lucas na Caro se huis toe gaan? Motiveer jou antwoord.
3. Is die openingsparagraaf van hoofstuk 21 'n voorbeeld van 'n terugflits? Hoekom sê jy so?

## Verteltyd en vertelde tyd

- **Verteltyd** is die tyd wat die vertel van 'n verhaal, of dele van die verhaal, neem. In *Nova* is dit 104 bladsye.
- **Vertelde tyd** is die periode wat die storie wat vertel word, dek. In *Nova* is dit 'n bietjie meer as 'n week.

### Vrae

1. Hoeveel verteltyd neem hoofstuk 1 van *Nova* in beslag?
2. Hoeveel vertelde tyd neem hoofstuk 1 van *Nova* in beslag?



## Die verteller

'n Eerstepersoonsverteller, of ek-verteller, gee vir die leser sy eie ervarings rondom gebeure in die verhaal. Dit is die verteller se persoonlike siening. Hy is soos 'n ooggetuie.

Die derdepersoonsverteller gee vir ons 'n blik van buite op 'n groep karakters en gebeure.

In *Nova: Die Begin* gebruik die skrywer 'n derdepersoonsverteller.

**Vir pret**

Dink jy die skrywer moes al regtig 'n ruimteskip of ruimtewese gesien het voordat hy hierdie boek kon skryf? Bespreek dit in julle klas.

### Vrae

1. Hoe weet jy dat *Nova: Die Begin* 'n derdepersoonsverteller het?
2. Skryf die volgende gedeelte oor as 'n ek-verteller: Hy skrik toe 'n selfoon langs hom lui. Kan dit regtigwaar 'n sélfoon wees? Hy kyk. "Great! Ek is weer terug op die lug."

## Temas

Temas is die sentrale idees wat in boeke voorkom. Daar kan soms meer as een tema in 'n roman wees.

ONTHOU: Temas is nie dieselfde as 'n roman se boodskap nie.

Die grootste tema in *Nova: Die Begin* is die verlies van onskuld. Lucas tree nogal kinderagtig op wanneer hy met Gavin baklei aan die begin van die boek. Maar in die laaste hoofstuk lyk dit vir ons of die nare ontmoeting met die ruimtewesens hom meer volwasse gelaat het. Hy kyk nou anders na die wêreld. Hy voel selfs op bladsy 102 of die ervaring deure in sy kop oopgegooi het. Hy weet nou dat die onmoontlike moontlik is.

### Vrae

1. Bespreek kortliks die tema van verlies van onskuld in *Nova: Die Begin.*

## Motiewe

'n Motief is 'n element wat keer op keer in 'n roman gebruik word. Die element kan 'n voorwerp, insident of formule wees. Wanneer 'n skrywer motiewe gebruik in 'n verhaal, maak dit die verhaal interessanter. Dit weef ook die storie aanmekaar.

**Sterre**
- Om aan te sluit by die titel van die roman, kom die motief van sterre sterk na vore.
- Die titel "Nova" verwys na 'n ontploffende ster.
- Die ruimtetuig is nader as die sterre. (bl. 9)
- Lucas se pa sê hy het 'n verskietende ster gesien. (bl. 10)
- Olive noem vir Caro grappenderwys 'n koeksi-stér. (bl. 37)
- Die Sterreloper help vir Lucas.

**Aanraking**
- 'n Hand reik uit die blinkblou muur en raak aan Lucas. (bl.5 & 100)
- Die aanraking van die vreemde kreatuur in die water. (bl. 20 & 21)
- Die ruimtewesens raak aan Lucas. (bl. 64 & 93)
- Lucas se pa omhels hom. (bl. 76)
- Daar is ook 'n emosionele aanraking aan die einde van die verhaal waar Lucas en Caro se oë in mekaar vasval. (bl. 104)

### Vrae

1. Kan jy nog voorbeelde kry waar sterre voorkom in die verhaal?
2. Kan jy nog voorbeelde kry waar aanraking voorkom in die verhaal?
3. Kan jy voorbeelde kry van die motief van "leuens" in *Nova*?

## Boodskappe

Skrywers, veral skrywers van jeugboeke, hou nie deesdae daarvan om boodskappe of lewenslesse in boeke te sit nie. Hulle lesers is mos slim genoeg om self te besluit wat reg en verkeerd is.



**Hier is 'n paar onderwerpe waaroor leerders kan debatteer in die klas:**
- Is dit reg om deur 'n sekuriteitsheining te breek, selfs al doen jy dit vir onskuldige redes?
- Is dit reg as ouers vir hul kinders jok?
- Is dit reg as kinders vir hul kinders jok?
- Mag jy jou broer of suster slegsê?
- Wanneer is dit nie nodig om vir jou ouers te luister nie?
- Is dit reg as ouers hul kinders straf as hulle kwaad doen?
- Mag kinders vir hul ouers kwaad word?
- Wanneer moet jy jou vriendskapsbande met iemand verbreek?

## Agtergrond en omgewing (ruimte)

Wanneer 'n mens 'n boek ontleed, moet jy kyk hoe die agtergrond en omgewing verband hou met die karakters en tema.

**Agtergrond**
Daar is nie enige politieke of geskiedkundige agtergrond waarteen die gebeure in *Nova* afspeel nie. Dit kon in enige moderne tyd plaasvind.

**Omgewing**
Die omgewing of ruimte is die plek waar die karakters hulle bevind. Maar dit strek ook verder na die plekke waaraan die karakters dink.

In *Nova* speel die verhaal af in die dorpie Nova, die militêre kamp aangrensend aan die dorp, asook in 'n ruimteskip bo die aarde.

Ons ervaar die onderwaterwêrelde van die rivier en swembad, ons kuier saam met Lucas in sy kamer, asook in sy vriende se huise. Ons maak selfs 'n draai in 'n asemrowende ruimteskip se binneruim.

Die afgesonderde omgewing en die teenwoordigheid van die militêre kamp speel 'n rol in die karakters se optrede en denke. Hulle het byvoorbeeld nie diefwering voor hul vensters nie en die kinders hoef nie hul fietse te sluit nie, want daar is geen misdaad nie. Die afgesonderdheid van die plek is die ideale plek

om geheime weermagbedrywighede weg te steek. Wie weet wat hulle alles in die kamp aanvang as die ruimtewesens ook die plek besoek ...

### ’n Skrywersgeheim

- Die skrywer gaan nooit in die *Nova*-reeks presies sê waar die afgeleë dorpie Nova lê nie. Maar die plek wat hy in gedagte het, is soortgelyk aan die Leërgevegskool tussen Postmasburg en Kathu in die Noord-Kaap.
- Kyk of jy die plek op ’n kaart kan kry.
- Die Leërgevegskool is ’n enorme weermagkamp waar soldate militêre oefenings uitvoer in ’n wye gebied. Daar bly ook mense (weermaglede en hul families) in huise in die kamp.

### Vrae

1. Speel *Nova* af teen ’n agtergrond vóór of ná elektroniese inligtingstegnologie?
2. Bespreek die invloed van die omgewing op die karakters in *Nova* kortliks.
3. Dink jy die verhaal moes eerder op ’n ander plek afgespeel het? Hoekom sê jy so?

## Stemming

Die term “stemming” verwys na die toon of atmosfeer van ’n boek. Dit kan humoristies, romanties, depressief, opgewek, ens. wees.

**Vrae**

1. Bespreek kortliks die stemming in *Nova*.
2. Dink jy die skrywer moes meer humor in die boek ingewerk het?

## Taalgebruik

Die brandpunt in enige tienerboek is altyd die taalgebruik. Moet die skrywer jongmense leer om korrekte Afrikaans te praat (selfs al beteken dit die dialoog klink of die tieners woordeboeke ingesluk het) of moet die tieners praat soos regte tieners?



Die verteller in die verhaal praat korrekte Afrikaans, maar die karakters praat ’n effense vermenging van Engels en Afrikaans; dus sleng.

**Hier is ’n paar kenmerke van sleng:**

- Dit is baie informeel.
- Dis ’n sosiologiese fenomeen.
- Dit kan ’n modegier wees.
- Dit kan wissel van eenvoudige loslittaal tot vulgêr.
- Dit kan skok of help om ’n ontspanne atmosfeer te skep.
- Dit kan kreatief wees en lei tot neologismes (nuutskeppings).

### Vir pret

Duart trap ’n bietjie klei met die betekenis van “sniper” en “executioner”. (Bl. 24)

Is daar ook sulke woorde in Afrikaanse wat mense verwar omdat hul betekenis naastenby dieselfde is? *(Leidraad: Vervelig en verveeld)*

### Vrae

1. Haal ’n paar Engelse woorde uit die boek aan en gee hul Afrikaanse vertaling.
2. Hoe voel jy oor die meng van tale in jeugverhale?
3. Kan jy dink aan nog kenmerke van slengtaal?

## Resensie

*(Die resensie op die volgende bladsy kan ook as ’n begripstoets gebruik word.)*

### Vrae

1. Waar het hierdie resensie verskyn?
2. Wie is die skrywer van die resensie?
3. Wat is ’n resensent?
4. Wanneer het die resensie verskyn?
5. Watter twee sake stel die resensent teenoor mekaar in die openingsin?

***Nova: Die Begin***
**Burger Meyer**

Nova: 'n klein dorpie met groot geheime. Lucas Niemand en sy gesin woon in die klein dorpie Nova. Die groter gedeelte van hulle lewe is normaal en Lucas se pa – soos al die ander ouers van Nova – werk in die Hok: 'n navorsingsorganisasie. Niemand weet ooit wat in die Hok gebeur nie, maar niemand bevraagteken dit ook nie. Totdat Lucas en sy gesin iets vreemds gewaar op pad terug van 'n vakansie: iets wat soos 'n VVV lyk.

Na die insident begin Lucas se pa vreemd optree en nóg vreemder dinge gebeur. Lucas Niemand en sy vriende besluit om ondersoek in te stel oor Nova se donker geheime en hoeveel van hierdie geheime te doen het met die Hok.

Hierdie is 'n baie geslaagde avontuurboek en beide meisies en seuns sal kan identifiseer met die verhaal. Voordat jy nog die eerste bladsy kan omblaai, is daar al klaar aksie en jy word onmiddellik ingetrek. Die taalgebruik in *Nova* is baie van pas en die teks vloei maklik. Viljoen het dit (soos met al sy ander boeke) reggekry om die spanning konstant te hou en ook die leser aan die raai te hou.

Hierdie is die eerste van 'n reeks boeke. Dit is die perfekte boeke vir kinders en die boek is net lank genoeg vir 'n kind om nie verveeld te raak nie. Die boek is wel vir die groot kind bedoel, maar dit het weer die groot kind in my wakker gemaak. Ek was terug gevat na my dae van fietsry, boomklim en jou verbeel dat jy en jou vriend baklei teen die teen die een of ander buiteruimtelike wese. In die verhaal voel dit egter of dit realiteit word en dit vat die avontuurelement nog 'n stap verder.

As 'n geheel is hierdie 'n baie suksesvolle boek (in genre, teikenmark en elke ander opsig). Dit sal ook baie goed werk as 'n reeks boeke en ek sal dit sterk aanbeveel.

*Storiewerf*, Desember 2010

*(Die resensie word met die vriendelike toestemming van die skrywer, Burger Meyer, en Storiewerf gebruik. Besoek Storiewerf by www.storiewerf.co.za )*

6. Gee die resensent 'n kort opsomming oor die boek?
7. Gee 'n ander woord vir "insident".
8. Haal 'n sin aan wat vir die leser vertel dat hierdie boek lekker leesstof bied.
9. Vir wie sal die resensent *Nova* aanbeveel?
10. Wanneer begin die aksie volgens die resensent?
11. Het die resensent 'n probleem met die taalgebruik? Haal 'n sin aan om jou antwoord te staaf.
12. Voel die verhaal vir die resensent soos fantasie of realiteit? Haal 'n sin aan wat jou antwoord staaf.



13. Wat beteken "genre"?
14. In watter "genre" dink jy val *Nova: Die Begin*?
15. Soek 'n woord in die resensie wat verwys na die "mense vir wie die boek bedoel is".

### Skryf

Jy het gesien hoe lyk 'n resensie, nou is dit jou beurt!
Skryf 'n resensie vir *Nova: Die Begin*.

> **Het jy geweet?**
> Die eerste Afrikaanse wetenskapfiksieboek is geskryf deur C.J. Langenhoven. Die boek het die vreemde titel *Loeloeraai* en het die eerste keer in 1923 verskyn.

## Kritiese taalbewustheid

Hieronder volg 'n tabel met uittreksels uit *Nova: Die Begin*. Dui aan watter van die volgende taalverskynsels in die woordlandskap word geïllustreer met die uittreksels.




| Uittreksel | Antwoord |
|---|---|
| Dit was so maklik soos val uit 'n yskas! (bl. 20) | |
| "Kom, julle! Uit!" (bl. 25) | |

| | |
|---|---|
| Dis net as ’n mens op skool is wat jy vier vakansies per jaar kry. (bl. 15) | |
| Dit laat hom vir ’n slag goed voel. Asof hy dieper kan asemhaal en die suurstof deur sy lyf kan voel bruis. (bl. 60) | |
| “Ek is nie alleen nie,” sê hy sag. “Óns is nie alleen nie.” (bl. 61) | |
| Daar is ’n harde klop aan die kamerdeur. (bl. 68) | |
| “Jy weet hoe mense is,” het Caro sag gesê. (bl. 61) | |
| Daar is net die vrees. Dit is **donker** en eindeloos diep in sy lyf. (bl. 64) | |
| Die son weerkaats teen die **donker** vensters. (bl. 40) | |
| “Dis wat jou pa besluit het, Luc.” (bl. 42)<br>“Ma kies net altyd sý kant,” spoeg Lucas die woorde uit. (bl. 43) | |
| “Seker ’n vis,” sê Duart. (bl. 21 – hy sê wat hý dink in die water was.) | |



| | |
|---|---|
| “Nee, ouens,” keer Ayanda. “Ek dink nie dis ’n goeie idee nie.”<br>“**Ayanda, jy kan ons nie nou drop nie**,” sê Duart. (bl. 85) | |

## Praat

Bespreek hierdie onderwerpe in die klas:
- Lucas is ’n cool ou. Of wat dink jy?
- Moet boeke ’n gelukkige einde hê, of ’n realistiese einde? Wat verkies jy?
- Moet skrywers suiwer Afrikaans gebruik in jeugboeke?
- Boeke, nes flieks, is oorlaai met stereotipe karakters. Is dit ’n goeie of slegte ding?
- Is daar ruimtewesens?
- Lucas se pa is te streng. Stem jy saam?
- Lucas en Caro pas bymekaar. Stem jy saam?
- Lucas moet meer geduld hê met Gavin. Stem jy saam?
- Sal jy graag ’n ruimtewese wil ontmoet?
- Hoe dink jy sal dit voel om in ’n ruimteskip opgeneem te word?
- Die aarde sal tot ’n einde kom as ruimtewesens hierheen kom. Stem jy saam?
- Moet leerders self besluit oor hul voorgeskrewe boeke? Wat sal jy kies?

## Lees

**Vluglees**

Wanneer jy vluglees ...
- Wil jy ’n algemene indruk kry van die teks om te sien of dit bruikbaar is vir jou.
- Soek jy nie na spesifieke sleutelwoorde of items nie.
- Is dit die vertrekpunt vir meer intensiewe lees wat mag volg.

**Vluglees-oefeninge**

- Vluglees die eerste sinne van elke hoofstuk in *Nova: Die Begin*.
  – Skryf ’n paar sinne neer wat jy kan onthou.
  – Watter hoofstukke klink interessant?
  – In al die openingsinne in Afrikaans?
- Vluglees Hoofstuk 1 van *Nova: Die Begin*
  – Skryf ’n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
  – Klink die hoofstuk vir jou humoristies of spannend?
  – Hoeveel karakters is daar in die hoofstuk?
  – Uit hoeveel bladsye bestaan die hoofstuk?

**Soeklees**

Wanneer jy soeklees ...

- Soek jy vinnig na ’n sleutelwoord of ’n naam.
- Weet jy waarna jy soek.
- Jy sien elke woord op die bladsy, maar jy lees nie noodwendig die bladsy nie.
- Ignoreer jy die woord of item waarna jy nie soek nie.

**Soeklees-oefeninge**

- Soek na die woord “noodkreet” op bl. 64 van *Nova*.
- Soek na die woord “metaalgeluide” op bl. 86 van *Nova*.
- Soek na die een of ander geluid op bl. 46 van *Nova*.
- Hoeveel keer kom getalle voor op bl. 47?
- Soek na Palesa se sogenaamde titel op bl. 52.
- Hoeveel keer word die woord “ek” gebruik op bl. 91?
- Watter karakter se naam word op twee verskillende maniere in die dialoog gebruik op bl. 30?

**Lees hardop**

Lees hoofstuk 13 hardop in die klas. Dit is ’n lekker spannende hoofstuk!

Hier is ’n paar wenke:

- Maak seker dat jy die woorde korrek uitspreek.
- Moenie woorde byvoeg of uitlaat nie.
- Lees met gevoel.
- Lees vloeiend.
- Lees sodat almal in die klas kan hoor.



- Maak seker jy plaas die klem op die regte plek.
- Lees teen die regte tempo.
- Maak af en toe oogkontak met die onderwyser en ander leerders.
- Laat jou gesig ook die storie vertel.

**Onvoorbereide lees**

Kies ’n gedeelte uit *Nova: Die Begin* wat leerders onvoorbereid kan lees. Let steeds op bogenoemde leeswenke.

**Wenk**

In elke klas is daar mos altyd ’n paar ekstroverte en kreatiewe leerders. Sommiges wil dalk eendag akteurs word.
Gebruik hul gerus om die leerders wat ’n bietjie sukkel te help met hul aanbieding!

## Maak die boek lewendig in die klas

Probeer hierdie lekker aktiwiteite om leerders se verbeelding aan te gryp en hulle lus te maak om te lees.

- Lucas se pa vat sy selfoon weg en plaas ’n sleutelwoord op sy rekenaar. Hoe sal dit wees om sonder tegnologie te leef? Hoe hou jy kontak met vriende? Skryf ’n kort toneelstuk oor die dag toe jy sonder jou rekenaar en selfoon moes klaarkom.
- Sal dit nie lekker wees as *Nova: Die Begin* verflim word nie? Maak ’n plakkaat vir *Nova* se fliek.
- Maak ’n lokprent vir *Nova: Die Begin*. Kyk gerus op YouTube na voorbeelde van soortgelyke lokprente. Hierdie een van Jonathan Safran Foer se boek “Extremely Loud and Incredibly Close” is nogal goed gedoen: http://www.youtube.com/watch?v=7o0D399iwOI&feature=related
- Is daar iets soos ruimtewesens en VVV’s? Soek op die internet, koerante of tydskrifte vir voorbeelde hiervan. Skryf ’n soortgelyke koerantberig asof iemand in jou dorp of stad dit gesien het.
- Verbeel jou jy werk in ’n boekwinkel. Hoe sal jy *Nova: Die Begin* bemark in die winkel. Skryf ’n kort bemarkingsplan vir die boek.

- Skryf ’n resensie vir *Nova: Die Begin* vir jou skoolkoerant.
- Maak ’n ruimtewese uit afvalmateriaal en veil hom op om geld in te samel vir die skool.
- Verbeel jou jy is Lucas. Skryf ’n e-pos aan jou ouers en vertel hulle dat jy deur ruimtewesens ontvoer is. Moet hulle bekommerd wees? Laat weet hulle! Jou brief kan humoristies wees, of baie ernstig.
- Lucas en sy vriende bak pannekoek toe hulle saamkuier. Hoekom bak jy en jou vriende nie ruimtewese-pannekoeke as julle weer ’n entrepreneursdag het nie? Gooi ’n tikkie groen of blou koekkleursel by die pannekoekdeeg.
- Skryf ’n brief aan die plaaslike koerant en sê of jy aan ruimtewesens glo of nie.
- Doen navorsing oor hoeveel kinders by jul skool glo dat daar ruimtewesens is. Skryf ’n navorsingsverslag.
- Maak ’n vermiste-persone-plakkaat vir Olive.
- Skryf ’n e-pos aan die skrywer van *Nova: Die Begin* en vertel hom wat jy van die boek gedink het: info@fanieviljoen.co.za
- Teken ’n strokiesprent waarin Lucas die eerste keer ’n ruimtewese sien.
- Skryf ’n vers of gedig oor Lucas se ervaringe met die VVV’s en ruimtewesens.
- Is jy slimmer as Lucas? Hoe sal jy uitvind wie die Sterreloper is? Kom vertel die res van die klas.
- Lucas-hulle se fietse smelt toe hulle probeer wegkom van die ruimteskip. Hoe sal ’n ruimtewese se fiets lyk? Of ry hulle dalk op ander vervoermiddele? Ontwerp ’n fiets vir ’n ruimtewese.
- Duart reken Lucas het ’n baber in die rivier gesien. Doen navorsing oor ander visse wat ook baie vreemd lyk. Skryf ’n feitlike opstel oor hulle.



# ANTWOORDE

## Antwoorde: Voorblad

1. Die doel van ’n boek se voorblad is ... (al die moontlikhede is reg)
   - Dit moet jou lus maak om die boek te lees.
   - Dit moet jou lus maak om die boek te koop.
   - Dit moet jou nuuskierig maak oor wat in die boek staan. (Ons noem dit die “inhoud”.)
   - Dit moet jou vertel wat die boek se naam is.
   - Dit moet jou vertel wie die skrywer is.
2. *Nova: Die Begin* het ’n oorwegend blou voorblad. Die titel *Nova* is heldergroen en staan mooi uit teen die blou. Die subtitel, *Die Begin*, is in wit gedruk.
3. Wat ’n mens eerste sien, is die halwe seunsgesig met die groen oog. Die halwe gesig maak die voorblad misterieus. Dit laat mens wonder hoekom ons nie die hele gesig kan sien nie. Dit sou tog mooier gelyk het, of hoe? Dalk vertel dit vir ons dat ons nie die volle verhaal sal “sien” as ons net na die voorblad kyk nie. Daar is dalk raaisels wat ons moet oplos
4. Dit is glad nie duidelik wie die persoon op die voorblad is nie. Dit kan dalk Lucas Niemand, die hoofkarakter, wees, maar in die storie is sy oë blou. Hieruit kan ons dalk aflei dat hy nie is wat hy voorgee om te wees nie. Dit kan natuurlik ook heeltemal ’n ander karakter wees. Ons weet nie. Dit is ook nie eers duidelik of dit ’n seun, meisie of androgeen (geslaglose wese) is nie. Al die antwoorde lê alles iewers binne-in die storie. Dit hou ons lekker aan die raai.
5. Dit is moontlik ’n motor se ligte – of behoort dit aan ’n ruimteskip? Mmm ... die raaisels verdiep net nog meer!
6. Dit lyk nogal soos ’n sekuriteitsheining. Wil die draad iets of iemand binne hou? Of wil die draad ons buite hou sodat ons nie die geheime in die boek ontrafel nie? Die elektriese vonke kan letterlik op elektriese vonke dui, maar ook figuurlik op die vonke wat gaan spat.
7. Eie mening. Jy is welkom om jou mening te e-pos na die skrywer by info@fanieviljoen.co.za
8. Eie mening.

## Antwoorde: Titel

1. Eie mening. Laat die uitgewers gerus weet by: mnel@lapa.co.za
2. Eie mening. Laat die skrywer gerus weet by: info@fanieviljoen.co.za
3. Eie mening. Laat die uitgewers gerus weet by: mnel@lapa.co.za

## Antwoorde: Luistertoets – Die skrywer

| | |
|---|---|
| *Slym, Klou* en *Geraamte in die klas. (2 x 2)* | (6) |
| Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging. | (2) |
| Die grense van hulle verbeeldings is eindeloos. | (2) |
| | (10) |

## Antwoorde: Lokteks

1. Iets is nie reg op die dorpie Nova nie.
2. Drie.
3. Vreemde, geheimsinnig, tergende, raaisels.
4. Voordat hy besef wat aangaan.
5. Kreatuur.
6. "Smeek vir meer" is 'n intenser manier om 'n versoek te rig.
7. Die skrywer gee 'n tergende openingsin, vra sekere vrae om nuuskierigheid te prikkel, en maak 'n dramatiese stelling oor die boek en die reeks.
8. Eie mening.
9. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Antwoorde: Tekskenmerke

1. Dit maak die ontwerp treffend en gee dit 'n eenvormige voorkoms.
2. Eie mening. 'n Moontlike antwoord kan wees om dit geheimsinnig te laat lyk. Dit laat mens wonder of iets in die storie ook so sal opbreek of verkrummel.
3. Bl.23.
4. Dit maak die storie lewendig en anders as ander boeke. Dit keer ook dat die lang stukke teks vervelig raak.
5. Bl. 29.
6. Die vreemde teksgedeelte dra by tot die boek se raaisels. Dit laat vrae by ons opkom, soos: Wie het dit geskryf? Hoekom het hy dit so geskryf? Is dit amper soos 'n ruimtewese se SMS?
7. Alle hoofstuknommers, asook die volgende boek se naam op die laaste bladsy is in vetdruk.
8. Die antwoord is oop vir die leerder se interpretasie. 'n Moontlike antwoord kan wees dat dit die teks laat uitstaan en die verskillende hoofstukke of dele van die boek help onderskei.
9. Bladsy 35 en 36 – die rekenaarterminologie. Bladsy 46, 47 en 94 – die ruimtewese se geluide. Bladsy 91 – die "ek is 'n waterval"-gedeelte. Bladsy 98 – "Die ding".
10. Dit onderskei tussen rekenaarinvoere en -uitvoere, dui vreemde geluide aan, wys op 'n veranderde bewussyn en denke, of beklemtoon 'n idee.
11. Ja, die hoofstukke en die bladsye word genommer.

## Antwoorde: Hoofstuk 1

1. Hy lê en slaap (droom) op die motor se agtersitplek.
2. Metafoor.
3. Hy is in 'n doolhof, vasgevang tussen blinkblou mure. Daar is 'n helder lig op die vloer. Dit lyk soos glimmende water.
4. 'n Doodskoue hand reik uit die muur en vat aan hom.
5. Rugbybal en krieketkolf.
6. Sy broer, Gavin.
7. Nee, hulle sit vas.
8. Hy wil 'n draai gaan loop.
9. "Dis asof die aarde geduldig wag vir die dagbreek." En "Die motor se ligte doof ook oombliklik asof iemand sy hande dig oor hulle vou."
10. Sy is 'n bekende operasangeres.
11. Hy vermoed die motor se battery is pap.
12. "En toe kom die onaardse dreuning."

## Antwoorde: Hoofstuk 2

1. Dit herinner hom aan 'n eksperiment wat hulle op skool gedoen het met ystervylsels wat oor 'n dun membraan gespan is en voor 'n luidspreker gesit is.
2. 'n Verskrikte haas blits uit die donker voor Lucas se voete verby.

3. Die glimmende kol is betowerend vreemd, groter en nader as die sterre. Dit lyk soos ’n ovaal flitslig wat iemand aan die nag vasgeknoop het.
4. Hy moet dadelik kar toe gaan.
5. Hy wil na die ruimtetuig kyk, want hy het nog nooit so iets gesien nie.
6. Sy huil toe sy die VVV sien.
7. Hy gooi ’n kombers oor sy kop en dra hom kar toe.
8. Hy gooi ’n kombers oor sy kop sodat hy nie verder na die ruimtetuig kan kyk nie en hy jok vir Lucas en sê dat dit net ’n verskietende ster was.
9. “Sy pa het vir hom gelieg.”

## Antwoorde: Hoofstuk 3

1. Sy vriend Duart.
2. Hy is avontuurlustig en gereed om die wêreld te verander.
3. Lucas wil nie opstaan nie.
4. Gavin.
5. Die reg om persoonlike dinge vir jouself te hou, of om alleen gelaat te word op seker plekke of tye.
6. Die antwoord is oop vir interpretasie.
7. Lucas beduie dat hy vir Gavin sal platslaan sodat daar nie eens ’n bloedkolletjie oorbly nie.
8. Duart wil rivier toe gaan, al mag hulle dit nie doen nie.

## Antwoorde: Hoofstuk 4

1. Hy sal woedend wees.
2. Die vensters is donker, hy weet nie wie in die kar is en of hulle dalk vir hom kyk nie.
3. Die mense noem dit die Hok.
4. Die meeste grootmense werk in die militêre eenheid. Die mense wat nie daar werk nie se familie werk daar.
5. “Hy was nog nooit daarbinne nie, maar dit is seker kantore en store en menasies en sulke goed.”
6. Lucas trap sy fiets harder.
7. Duart.
8. Sy pa moes kom werk.
9. Hy sê eintlik dat Duart stories opmaak wat nie waar is nie.



10. Hy vra vir Duart of hy al ooit sy pa gevang het dat hy lieg.

## Antwoorde: Hoofstuk 5

1. Nova lê reg langs ’n militêre kamp en skelms is maar skaars.
2. Die heining bestaan uit ’n grensdraad met sterk pale van ses meter hoog en ’n lemmetjiesdraadkroon.
3. Van die bome is afgesaag en die area naby die draad is skoongeskoffel.
4. Om te keer dat alarms onnodig afgaan as boomtakke aan die heining raak en om beter grensbeheer toe te pas.
5. Hy sien die rivier plek-plek uitsteek agter die bome anderkant die heining. Hy hoor die rivier se water kabbel.
6. Hy is bang iemand kom op hulle af.
7. Duart.
8. Hy wikkel sy lyf deur die gat.

## Antwoorde: Hoofstuk 6

1. Vergelyking: Dit is so maklik soos val uit ’n yskas.
2. Ongelooflik/wonderlik.
3. Nee, hy sê dit was ’n goeie plan, hy weet nie hoekom hy so bang was nie.
4. “Hy (verwysend na Duart) het nou wel die fietsresies gewen, maar Lucas wéét van swem.”
5. Hy is groot, koud en slymerig. Hy gooi ’n donker skaduwee en stuur ’n elektriese lading deur die water.
6. Lucas het eers vermoed dat dit dalk Duart in die water was, maar Duart staan op die wal.
7. ’n Baber.
8. Lucas se kop is ’n “warboel van gedagtes”, hy “stotter” as hy praat, sy “asemhaling keer stadig terug na normaal”, sy oë draai “bang” terug na die water.
9. Ja, want iemand praat skielik agter Lucas-hulle en sê: “I knew we would find them sooner or later.”

## Antwoorde: Hoofstuk 7

1. Kwaai uitdrukkings / woedende uitdrukkings / dreigende uitdrukkings / vyandiggesinde uitdrukkings.
2. Chetty en Paulsen.

3. Waarskuwing. Hierdie is ’n hoogs beperkte gebied (of spergebied, of verbode gebied). Absoluut geen toegang sonder die nodige toestemming (of outoriteit) nie. Oortreders sal geskiet word.
4. Oortreders sal geskiet word.
5. Paulsen herken vir Lucas as kolonel Niemand se seun.
6. Daar is ’n benoude reuk van metaal en nat goiingsak in die lug.
7. Niks nie, dit is donker en daar is geen vensters nie.
8. ’n Sluipskutter skiet mense vanaf ’n verskuilde plek soos ’n hoë gebou of venster. Sy teiken weet nie dat hy geskiet gaan word nie. ’n Laksman is gewoonlik ’n lid van ’n vuurpeloton. Hy skiet ’n persoon nadat hy die doodsvonnis opgelê is.
9. Hy is spyt hy het na Duart geluister. Hy moes eerder die oggend by die huis gebly het.
10. Die lig verblind hom.

## Antwoorde: Hoofstuk 8

1. Sy pa het tot hulle redding gekom.
2. Hulle is in die Hok.
3. Hy sien die bleekheid om sy pa se mond.
4. Ja. Lucas se pa moet ’n sekuriteitskaart deur ’n skandeerder trek en sy motor word ook deursoek voordat hulle die kamp mag verlaat.
5. Lucas en Duart mag mekaar vir ’n ruk lank nie sien nie.
6. Hy is baie ongelukkig daaroor.
7. Hy voel hy kan nie doen wat hy wil nie. Sy pa perk hom in.
8. Oor Lucas se harde musiek.
9. Iemand het sy fiets met ’n militêre bakkie kom aflaai by hul huis.
10. ’n Nota wat lees dat die tyd aangebreek het; hy moet versigtig wees.
11. Eie mening.

## Antwoorde: Hoofstuk 9

1. Nee, Lucas steek die papiertjie in sy sak.
2. Sy nooi hom om die volgende oggend DVD’s by Caro-hulle te gaan kyk. Hy moet ook vir Duart laat weet.



3. Aandete word by die etenstafel geëet.
4. Eie mening.
5. Sy ma het ’n gespanne uitdrukking en sy pa se stem is yl en bewerig.
6. Hy voel ongemaklik aan tafel. Gavin beduie ook vir hom dat daar moeilikheid is.
7. Dit is ’n stelling, nie ’n vraag nie. Maar ’n vraag skuil soos ’n landmyn onder die woorde.
8. Lucas het nog nie vir Duart laat weet nie.
9. Sy selfoon.
10. Hy bel sy selfoon en sy pa antwoord.
11. Hy vat Lucas se selfoon en plaas ’n sleutelwoord op Lucas se rekenaar.

## Antwoorde: Hoofstuk 10

1. Hy wil probeer om die rekenaar se sleutelwoord te raai.
2. Iemand wat by rekenaars inbreek deur hulle geheime sleutelwoorde te kraak. In Engels noem ons hulle hackers.
3. Nee, die rekenaarprofiel word uiteindelik vir 24 uur gesluit.
4. Sy het ’n bos hare wat in poniesterte vasgemaak is. Daar is meel op haar sproetwang.
5. Sy kyk skaam na Lucas en kyk dan weer vinnig af.
6. Ayanda.
7. Brandon.
8. Lucas het hom nog nie genooi nie.
9. Jy doen verkeerde dinge.
10. Olive sê hy is dalk nie so ’n sweetie pie soos almal dink nie. Hy het saam met Duart deur die Hok se drade geglip.
11. Nie een van hulle weet werklik wat hulle ouers in die Hok doen nie.

## Antwoorde: Hoofstuk 11

1. Hy voel onrustig. Hy kan nie glo dat dit moontlik is nie.
2. Hy is ongeërg. Hy wil nie weet nie.
3. Duart vertel vir Lucas dat Caro van hom (Lucas) hou.
4. ’n Motor met swart vensters ry in die straat verby.
5. Sy pa wat dalk op hom kom spioeneer het.
6. Sy pa het sy rekenaar vir Gavin gegee.

## Antwoorde: Hoofstuk 12

1. Hy is mismoedig en voel dit is onregverdig.
2. Hy dink sy ma kan sy pa sagmaak en hom oorreed om sy goed terug te gee.
3. Sy herinner hom daaraan dat hy vir sy pa gejok het en dat Duart wel die oggend by Caro hulle was.
4. ’n Mens moet versigtig wees wat jy doen en sê. Vir alles is daar ’n gevolg.
5. Hy voel of sy pa en ma hom albei in die steek gelaat het.
6. Dit is te warm in sy kamer.
7. Grafkelderstil.
8. Hy gaan swem.
9. Duart se ma.
10. Hy sien ’n beweging.

## Antwoorde: Hoofstuk 13

1. Die swembadlig verblind hom.
2. Sy pa of vir Gavin.
3. Hy is ’n onmisbare teiken.
4. Hy hoor ’n vreemde geluid.
5. Dis asof wat ook al by die boom vir hom wag, hom daar wil hê.
6. Eie mening.
7. “Daar is iets, en hy weet dit.” “Sy oë is steeds vasgenael op die donker tuin.” “Die vrees skuif nog ’n kerf hoër.” “Elke senuwee in Lucas se lyf is snaarstyf gespan.” “Die asem steek vas in sy keel.” “Net vier treë. Drie. Twee. En toe sien Lucas dit.”

## Antwoorde: Hoofstuk 14

1. Hy het ’n klein lyf, grys vel, en ’n groot kop met swart oë.
2. Om te besef wat om jou aangaan of wat met jou gebeur het. Om nugter te dink.
3. Baklei of hardloop weg.
4. Toe hy homself in die huis toesluit.
5. Hy dink dis net klein kinders wat hul ouers wakkermaak met sulke stories sodat hulle saam met hulle ouers in die bed kan slaap.
6. Hy lê en slaap.
7. Nee, hy kan nie sê hoe sy hande lyk nie, en of hy ooit hande gehad het nie.
8. Niks nie – die ruimtewese is weg.



## Antwoorde: Hoofstuk 15

1. Aan ’n verkleurmannetjie wat eenkeer weggeraak het in hulle tuin.
2. Nee.
3. Oom Stefan Jonker.
4. Hy versprei graag skinderstories.
5. Hy wil weet van die moeilikheid waarin Lucas en Duart beland het by die Hok.
6. Olive.
7. Ek het nie ’n idee wat dit is nie.
8. Nee, sy is meer soos ’n sussie vir hom.
9. Hy vertel haar dat hy iets vreemds gesien het die week.
10. Lucas het gedink sy gaan uitbars van die lag, maar sy raak ernstig en vra hy moet saam met haar kom.

## Antwoorde: Hoofstuk 16

1. Hy wil nie hê die hele Nova moet weet wat hy gesien het nie.
2. Na Caro se huis toe.
3. In die TV-kamer.
4. MK.
5. Hy voel selfbewus en senuweeagtig.
6. Om verlief te wees op iemand.
7. Eie mening.
8. Om iets uit die perd se bek te hoor.
9. Hy is bang sy dink hy is mal en dat sy en Olive daaroor sal lag en skinder.
10. Olive en Caro het self ook al ruimtewesens gesien.

## Antwoorde: Hoofstuk 17

1. Hy weet nou hy is nie alleen nie. Iemand anders het ook al ruimtewesens in Nova gesien.
2. Dit is die plek waar hy die ruimtewese gesien het.
3. Hy wil die vorige aand se gebeure in sy gedagtes herleef.
4. Dis ’n rilling van opgewondenheid, die moontlikheid van iets so onmoontlik.
5. Olive het beenskutte weggepak in die skool se toerustingkamer ná ’n hokkieoefening. Toe sy omdraai, staan daar ’n klein mannetjie in die deur. Hy het ’n abnormale groot kop,

dun lyfie, dun arms en bene gehad. Hy het twee vingers teen haar voorkop gedruk. Toe sy weer kyk, was hy weg.
6. Caro en haar ma was op pad terug van Johannesburg. Toe hulle by Nova se stadsaal verbyry, het sy 'n ruimtewese tussen die bome gesien. Dit was asof hy van haar geweet het. Sy donker oë het vir 'n oomblik geflits.
7. Verduidelik jou antwoord. Ja, dit kan beteken dat alle mense op die aarde nie alleen is nie. Dat daar ander lewe in die buitenste ruimte is.

## Antwoorde: Hoofstuk 18

1. Glashelder.
2. Vergelyking
3. Eie mening.
4. Hy is angstig en benoud.
5. 'n Vreemde geluid.
6. Sy lyf voel swaar en onbeweeglik soos 'n stuk rots.
7. Hy loop regdeur Lucas se kamermuur.
8. 'n Nova is 'n skouspelagtige ontploffende ster.
9. In albei gevalle plaas die ruimtewesens twee vingers op hulle voorkoppe.
10. Hy roep sy pa.

## Antwoorde: Hoofstuk 19

1. Hy is baie ontsteld.
2. Nee, hy het intussen verdwyn.
3. Hy sê Lucas het 'n slegte droom gehad.
4. Hy is bang dit gebeur weer.
5. Hy luister die gesprek af.
6. Sy pa sê vir iemand: "Hulle het kontak gemaak.".
7. Eie mening.
8. Hy gaan staan by die venster en kyk op na die naghemel.

## Antwoorde: Hoofstuk 20

1. Totdat alles op Nova weer normaal is.
2. Sy haarkleur het na silwer verander.
3. Lucas sê die ruimtewese moes dit gedoen het.
4. Nee, Gavin spot hom en vra allerhande onsinnige vrae oor haarkapper-ruimtewesens.
5. Hy is te ontsteld oor al die vreemde gebeure. Hy wil niemand sien en met niemand praat nie.
6. Die onbekende persoon sê Lucas moenie bang wees nie. Wat nou gebeur, is net die begin. Hy moet onthou dat hy nie alleen is nie.

## Antwoorde: Hoofstuk 21

1. Nee.
2. Hy verbind dit met die boodskap wat op sy fiets gelaat is.
3. Hulle vertel vir Lucas dat Olive deur ruimtewesens ontvoer is.
4. Caro.
5. Hulle het ook die afgelope tyd ruimtewesens gesien in Nova.
6. Hy kom haal vir Lucas-hulle.
7. "Sy pa se stem klink soos 'n geluid wat 'n vasgekeerde dier sou maak."

## Antwoorde: Hoofstuk 22

1. Lucas se silwer hare.
2. Sweet vlek sy hemp se kraag en sy voorkop plooi.
3. Hulle sit styf teen mekaar ingedruk.
4. Nee, hy sê hy mag nie vir hom sê nie.
5. Eie mening.
6. Hy sê dit lyk of iemand 'n rugbypaal met hom geverf het.
7. Alien.
8. • Onwrikbaar – onbeweeglik, standvastig. (Engels: *unflinching*)
   • Veins – voorgee, as eg voordoen.(Engels: *feign*)
   • Benewel – verduister, donker maak (Engels: *darken*)
9. Nee.

## Antwoorde: Hoofstuk 23

1. Metafoor.
2. Militêre voertuie.
3. Hy sê dis vir hulle eie veiligheid.
4. Hy dink die mense is bang dat nog kinders deur ruimtewesens ontvoer gaan word.
5. Al die kinders se name en foto's is alreeds op die rekenaar vasgelê.
6. Daar word beddens by die saal ingedra.

7. Hy moet na Gavin omsien.
8. Dis asof daar iets tussen hom en sy pa gebeur. Dit voel soos ’n afskeid.

## Antwoorde: Hoofstuk 24

1. Nee, sy is vies omdat haar ma haar nie ’n rede gegee het hoekom sy by die saal afgelaai word nie.
2. Sy kan nie trane hanteer nie.
3. ’n Stryery of woordewisseling.
4. ’n Offisier dra sy rang op sy skouer (bv. Kolonel). ’n Onderoffisier dra sy rang op sy boarm (bv. Sersant).
5. As ’n kind wegraak, raak die polisie betrokke, nie die weermag nie. Daar is nie polisie in sig nie.
6. Hy wil ontsnap.
7. Haar ma.
8. Die ligte sny uit en ’n skyf lig blits oor die hemel.

## Antwoorde: Hoofstuk 25

1. Ja, hy glo nou aan hulle.
2. Dat mense vir hom lieg.
3. Hy wil wegkom uit die saal.
4. Sy is huiwerig, maar stem dan in om saam te gaan.
5. Hulle wil deur die sydeur glip.
6. Lucas gee sy rekenaar vir Gavin.
7. Ja.
8. Hulle gaan die fietse haal.
9. Daar is ’n groot militêre teenwoordigheid, maar hul ligte gaan skielik af.
10. Lucas-hulle se motorligte het ook doodgegaan toe hulle van vakansie af teruggekom het en hy die VVV gesien het.
11. Duart reken dat die Hok soos die Amerikaanse Area 51 is waar hulle jare gelede, volgens gerugte, ’n ruimtewese aangehou het.

## Antwoorde: Hoofstuk 26

1. Hulle is bereid om mense te skiet wat oortree op die eenheid se grond, die vreemde lugvaartuie wat deesdae opgemerk word by Nova, die ruimtewese in Lucas se tuin, geeneen van hulle weet regtig wat in die Hok aangaan nie – hulle weet nie eens wat hulle ouers doen nie.
2. ’n Ligkol verskyn teen die donker hemel.
3. VVV – Vreemde Vlieënde Voorwerp.
4. Sy is bang, maar laat haar oorreed deur die ouens.
5. Bokant die rivier.
6. Duart val van sy fiets af en kry seer. Lucas sê hy het hulp nodig.
7. ’n Weerklank gee.
8. ’n Vibrasie soos wanneer mens voor ’n reuse luidspreker sou staan.
9. Hy vergelyk dit met ’n waterval van lig.

## Antwoorde: Hoofstuk 27

1. Hy sê hulle lyk soos Kersbome.
2. Dit is ’n treffende of asemrowende voorval of gesig.
3. Hy sien hoe die VVV lang, slierterige goed met koppe aan uit die water lig en opsuig. Hy herken dit as die wesens wat hy in die rivier gesien het.
4. Ek wil nou nie ’n gerug begin versprei nie.
5. Sy fiets se velling is gebuig.
6. Hy moet Duart saamkarwei.
7. Hulle fietse smelt onder hulle weg en hulle val.
8. Vuishou, skok, skeur, ontplof, krag en weerligstraal.
9. Dit skep spanning en beeld die gevoelens op ’n aksiebelaaide manier uit wat die leser sal verstaan.
10. Nee, dit beteken dat Lucas nou nie meer van die VVV sal kan ontsnap nie.

## Antwoorde: Hoofstuk 28

1. Om in te sluk of te verslind.
2. Dit ruk aan flarde en verdwyn.
3. Eie mening.
4. Dit voel of naalde en spelde sy vingerpunte prik. Hy het ’n swaar gevoel in sy bors en alles binne hom druk inmekaar.
5. Duart.
6. Eie mening.
7. Dit verhoog die spanning en skep afwagting.

8. Dit is ’n dun vlies wat dier- of plantweefsel toemaak.
9. Om die gebeure van die afgelope tyd in herinnering te roep.
10. ’n Ruimtewese. (Ons weet dit, want hy het vier vingers.)
11. Eie mening.

## Antwoorde: Hoofstuk 29

1. Nee.
2. Hy woel die wond aan Lucas se kop oop en stoot sy vingers diep onder sy vel in.
3. Bedwelmend of duiselagtig. (Engels: *feeling giddy, dazed or dizzy*)
4. “Sy vingers skraap oor Lucas se kopbeen.” (Dit verwys na die ruimtewese.)
5. Hy hoor sy vriende se stemme en is bly dat hy nie alleen is nie.
6. Nee, sy vriende is ook geopereer.
7. Om met geweld plat te druk, te trap of te slaan. Of om verbysterend te wees. (Engels: *shattering; crushing*)
8. Hy sê hulle moet wegkom.
9. Hulle kan dalk doodgemaak word.
10. Hy voel soos ’n padda in ’n natuurwetenskapklas.
11. Lucas kan steeds sien wat in die glaskapsule lê. Hy weet dalk Duart is nie ver verkeerd nie.

## Antwoorde: Hoofstuk 30

1. Hy sien ’n kreatuur met stringerige arms, bene en lyf. Hy is donkergrys van kleur en het ’n uitgerekte kop en skeefgetrekte oë.
2. Olive.
3. Hy draai sy lyf heen en weer totdat een van die bande losglip.
4. Daar is nie ’n snymerk op sy voorkop nie en sy hare is weer blond.
5. Duart.
6. ’n Dooie ruimtewese.
7. Daar is soortgelyke kapsules teen die agterste muur.
8. Sy dink die ruimtewesens wou hulle verdrink.
9. Die kreatuur in die kapsule blits regop en kap teen die glas. Die ander kreature doen dit ook. Dit klink soos ’n dodemars.



10. Stadige marsmusiek wat by ’n begrafnis gespeel word.
11. Duart.
12. Aan die begin van die boek het Lucas ’n nagmerrie waar hy in ’n blinkblou doolhof beland. Hierdie hoofstuk sluit dus aan by hoofstuk 1.

## Antwoorde: Hoofstuk 31

1. Hy staan in ’n doolhof van blinkblou mure. Helder lig stroom uit die vloer en lyk soos glimmende water.
2. In sy droom op pad terug van hulle vakansie af.
3. Hy is angstig.
4. ’n Sagte geluid.
5. ’n Blou-grys hand.
6. Olive.
7. Lucas verlaat die ruimteskip en beland iewers buite tussen hemel en aarde.

## Antwoorde: Hoofstuk 32

1. Hulle is blink en helderder as wat hy hulle ooit gesien het.
2. Hy sien sy vier vriende.
3. Hy vergelyk dit met vuurwerke.
4. Hy en sy vriende beland in die rivier.
5. Dit het weggeraak.
6. Hy hoor die water klots in sy ore en hy hoor veraf stemme.

## Antwoorde: Hoofstuk 33

1. Hy voel goed. Die vorige aand se gebeure het deure in sy kop oopgegooi. Hy weet nou dat die onmoontlike moontlik is.
2. Sy selfoon.
3. Die persoon wat hom voorheen ook gebel het. Hy noem homself nou die Sterreloper.
4. Hy sê dat die vorige aand net die begin was. Die grootste taak lê nog voor vir Lucas-hulle.
5. Om gebeure in perspektief te sien teenoor ander gebeure.
6. Hy sê hy is nou dalk ’n superheld.
7. Die selfoon wys nie dat hy enigsins ’n oproep ontvang het nie.
8. Dit het gevoel asof sy deur ’n strooitjie opgesuig is.
9. Lucas wil nie weer daaraan herinner word nie.

10. Hy onthou dat die Sterreloper gesê het hierdie was net die begin.
11. Daar gaan nog boeke wees waarin Lucas-hulle se avonture hervat word.
12. Eie mening.

## Antwoorde: Karakterisering

1. "Hy kreun en vryf deur sy blonde hare." (bl. 11)
2. "Op pad venster toe val hy oor die tas en krieketkolf wat hy met hul tuiskoms sommer net daar neergesmyt het." (bl.11)
3. "'Die kind is altyd moeg,' sê 'n stem onder die hoop kussings.'" (bl. 6)
4. "Hoe dom was hulle nie? dink hy." (bl. 23)
5. "Die klein wirkop sal nie huiwer om vir sy pa te vertel nie." (bl. 30)
6. "'Lyk my jy is 'n superhero, Lucas Niemand,' praat hy met homself. 'Wys ons jou spiere!'" (bl. 103)
7. Ja, Lucas se selfbeeld verbeter. Aan die begin is hy soms onseker oor homself, maar aan die einde sien hy homself spottenderwys as 'n superheld. Hy klink ook meer volwasse aan die einde wanneer hy vir Duart kortvat en sê hulle wil nie weer aan die nare gebeure herinner word nie.
8. Eie mening.
9. Eie mening.
10. Eie mening.
11. Ja, sy waag onderlangse kyke na Lucas. Aan die einde val hulle oë vas in mekaar s'n.
12. Eie mening.


## Antwoorde: Konflik

1. Hoofstuk 1 – Lucas en Gavin kry stry in die motor.
   Hoofstuk 8 – Lucas se pa raas met hom omdat hy en Duart by die Hok ingesluip het. (Die leerders kan ook ander gevalle hier noem.)
2. Bladsy 24 (laaste paragraaf) – Lucas kry spyt dat hy saam met Duart na die Hok toe gegaan het.
   Bladsy 67 (eerste paragraaf) – Lucas se senuwees knaag en hy wil liewer in 'n kas gaan wegkruip totdat alles weer normaal is op die dorp. (Die leerders kan ook ander gevalle hier noem.)
3. Eie mening.



## Antwoorde: Storielyn

1.




2. Eie mening.
3. Eie mening.

## Antwoorde: Voorafskaduwing

1. Nee, dit gee nie 'n vae leidraad op 'n toekomstige gebeurtenis nie.
2. Ja, want Lucas-hulle beland later in groot moeilikheid.

### Antwoorde: Terugflitse

1. Ja, want die hoofstukke volg chronologies op mekaar.
2. Eie mening.
3. Ja, die sin is 'n terugverwysing na 'n toneel van 'n paar dae gelede.

### Antwoorde: Verteltyd en vertelde tyd

1. 4 bladsye.
2. Moontlik 1 uur of minder.

### Antwoorde: Die verteller

1. Ons kry 'n blik van buite op die karakters en die gebeure.
2. <u>Ek</u> skrik toe 'n selfoon langs <u>my</u> lui. Kan dit regtigwaar 'n sélfoon wees? <u>Ek</u> kyk. "Great! Ek is weer terug op die lug."

### Antwoorde: Temas

1. Die belangrikste tema in *Nova: Die Begin* is die verlies van

onskuld. Lucas tree aanvanklik kinderagtig op wanneer hy met Gavin baklei. Maar in die laaste hoofstuk lyk dit vir ons of die nare ontmoeting met die ruimtewesens hom meer volwasse gelaat het. Hy het nou ’n ander kyk op die wêreld. Hy voel selfs op bladsy 102 of die ervaring deure in sy kop oopgegooi het. Hy weet nou dat die onmoontlike moontlik is.

## Antwoorde: Motiewe

1. Eie voorbeelde.
2. Eie voorbeelde.
3. Voorbeelde hiervan is Lucas se pa wat vir hom jok oor die verskietende ster, en Lucas wat vir sy pa jok ook Duart wat by Caro se huis gaan wees. Die veronderstelde leuens dat die Hok nie net ’n weermagkamp is nie, maar moontlik meer as dit.

## Antwoorde: Agtergrond (ruimte)

1. Ná elektroniese inligtingstegnologie, want Lucas-hulle het selfone, rekenaars en speel PSP.
2. Die afgesonderde omgewing en die teenwoordigheid van die militêre kamp speel ’n rol in die karakters se optrede en denke. Hulle hoef bv. niks te sluit nie, want daar is geen misdaad nie. Die afgesonderdheid van die plek is die ideale plek om geheime weermagbedrywighede weg te steek. Wie weet wat hulle alles in die kamp aanvang as die ruimtewesens ook die plek besoek ...
3. Eie mening.

## Antwoorde: Stemming

1. Die stemming wissel van naelbyt-spanning wanneer Lucas-hulle met die ruimtewesens kontak maak, na humoristiese oomblikke wanneer hulle saam is as ’n vriendekring. Daar is ook tekens van romanse tussen Lucas en Caro. Maar bo alles hang daar ’n stemming van afwagting en misterie.
2. Eie mening.

## Antwoorde: Taalgebruik

1. CD – kompakskyf ; Oh brother (bl. 7) – in hierdie konteks sou “O genade” dalk beter wees as “O broer”; Race jou! (bl. 14) – Kom ons jaag resies!; double-ply tissues – dubbellaagsnesies. (Daar is meer voorbeelde.)
2. Eie mening.
3. Eie mening.

## Antwoorde: Resensie (begripstoets)

1. Dit het op die Storiewerf-webblad verskyn.
2. Burger Meyer.
3. Iemand wat ’n boek bespreek of kritiek lewer op ’n boek. Dit vind gewoonlik in koerante of tydskrifte, en deesdae ook op die internet, plaas.
4. Desember 2010.
5. ’n Klein dorpie en groot geheime.
6. Ja, hy vertel kortliks waaroor die boek gaan, maar hy gee nie geheime weg nie. Dit sou die pret vir die leser bederf.
7. Voorval of gebeurtenis.
8. “Hierdie is ’n baie geslaagde avontuurboek ...” of “As ’n geheel is hierdie ’n baie suksesvolle boek (in genre, teikenmark, en elke ander opsig).”
9. Vir seuns of meisies.
10. Voordat jy nog die eerste bladsy kan omblaai.
11. Nee. “Die taalgebruik in Nova is baie van pas en die teks vloei maklik.”
12. Realiteit – “In die verhaal voel dit egter of dit realiteit word en dit vat die avontuurelement nog ’n stap verder.”
13. Dit beteken “soort”. In hierdie konteks die “soort verhaal”. Van die genres wat ’n mens kry, is misdaad, romanse, wetenskapfiksie, riller, komedie, en meer.
14. Wetenskapfiksie.
15. Teikenmark.

## Antwoorde: Kritiese taalbewustheid

| Uittreksel | Antwoord |
|---|---|
| Dit was so maklik soos val uit ’n yskas! (bl. 20) | *Figuurlike taal, want ’n mens sal nie letterlik uit ’n yskas kan val nie.* |

| | |
|---|---|
| "Kom, julle! Uit!" (bl. 25) | *Magstaal, want die woorde beveel Lucas-hulle. Dit is kragtige woorde wat vanuit 'n magsposisie gesê word.* |
| Dis net as 'n mens op skool is wat jy vier vakansies per jaar kry. (bl. 15) | *Feit, want wanneer jy werk, word jou vakansies beperk tot 'n aantal dae per jaar.* |
| Dit laat hom vir 'n slag goed voel. Asof hy dieper kan asemhaal en die suurstof deur sy lyf kan voel bruis. (bl. 60) | *Gevoelstaal, want Lucas se ekstatiese gevoelens word verwoord.* |
| "Ek is nie alleen nie," sê hy sag. "Óns is nie alleen nie." (bl. 61) | *Geïmpliseerde betekenis, want dit beteken dat alle mense op aarde eintlik nie alleen is nie – daar is ander lewe in die heelal.* |
| Daar is 'n harde klop aan die kamerdeur. (bl. 68) | *Direkte betekenis, want presies dit wat bedoel word, word gesê.* |
| "Jy weet hoe mense is," het Caro sag gesê. (bl. 61) | *Stereotipering, want alle mense is nie dieselfde nie.* |
| Daar is net die vrees. Dit is **donker** en eindeloos diep in sy lyf. (bl. 64) | *Konnotasie, want "donker" verwys eerder na die emosionele of figuurlike betekenis van "donker", d.i. woorde wat gevaar of onheil voorspel.* |



| | |
|---|---|
| Die son weerkaats teen die **donker** vensters. (bl. 40) | *Denotasie, want "donker" verwys na die letterlike, of woordeboekbetekenis van die woord.* |

## Bronne

**Boeke**


- Baignet, H. (1989) *Outlines, the secrets of studying English literature.* Kaapstad: College Tutorial Press.
- Cloete, T.T. (1992) *Literêre Terme & Teorieë.* Pretoria: HAUM-Literer.
- Smuts, J.P. (1998) *Die roman, 'n inleidende studie*. Kaapstad: Human & Rosseau.


**Webblaaie**


- http://ababasoft.com/speedreading/five_types_of_reading.htm
- http://blogs.sun.ac.za/boekwurm/files/2010/09/Tienerafrikaans.pdf
- http://www.storiewerf.co.za
- http://www.lapa.co.za


**Bedankings**

Baie dankie aan dr. Franci Greyling, Marieta Nel en Burger Meyer.